

## HOOFSTUK VI.

---

1902.

---

### I.YK HOPELOOS NA VREDESLUITING.

---

### DIE VERDERFLIKE KONSILIASIEGEES.

---

„JAN KIESER” EN „JANNI” HERLEWE.

Die oorlog was agter die rug. 'n Mens kon weer asemskip. Op 22 Julie (1902), iets oor die ses weke na die vredesluiting, kon *Ons Land* weer verskyn en die *Advertensieblad* verdwyn, alhoewel die meeste krygswetregulasies nog in swang was. Frans Malan weer editeur. En in die volgende uitgawe (24 Julie) verwelkom ek die blad se terugkeer in 'n gerym onder die opskrif: „Jou Gesondheid!” So het Afrikaans weer begin. Vier ander geleentheids-gedigges uit my pen het spoedig gevolg: „Di Kaapse Konstitusi,” „Beter as ek,” „Di nuutste Trektuig” en „'n Goeie Vrou.” Daarna (21 Augustus) het ook „Jan Kieser” (Malan) nogeens sy buiging voor die lesende publiek gemaak (dieselfde dag waarop ook die *South African News* weer uitgekome het). „Ja, vrinde,” begin hy, 'n bietjie te mak na my smaak, „Jan Kieser leef nog, maar ek kan julle sê dat hij ook swaar gekrij het. Maar ek is nie een wat hou van klaagliedere of klagers. Ek dink, wat verbij is, is verbij en ons moet werk vir die toekoms en wins doen met wat verbij is.”

In elkeen van die vier volgende uitgawes van *Ons Land* het daar weer rympies in Afrikaans van my voorgekom. „My liewe Bet,” „Di Suspenders,” „Onse Cicero” (sir Thomas Smartt) en „Whiskey *versus* Kaapse Wyn.”

#### BAIE BONDSLEDE PRAAT NOU ENGELS.

Intussen was die Parlement aan die gang, en as daar iets is wat die gedrag van die Bondslede gekenmerk het, dan was 't, soos dit vir *my* voorgekom het, lamelendigheid ten opsigte van taalgebruik. Te begryp was, natuurlik, dat hulle versigtig en diplomaties sou te werk gaan, ten einde te vermy dat „the Smartt Crewe”, wat nog aldeur besig was met te agiteer, water op die meul kry; maar „toenadering” en „re-conciliatie” was só erg op die tapyt dat ons vrinde begin vergeet het wat hul plig teenoor hul taal was. Ek het in die persgalery van die Wetgewende Vergadering gesit en my waarlik geskaam oor die slaafse houding van baie van die Afrikanerlede. Party wat nooit tevore in die Raadsaal Engels gepraat het nie, het dit darem *nou* probeer, hoe skeef en krom dit ook moes uitkom. Ek herinner my 'n paar woorde van een van hulle: „We must put our soulders under the wheel for to push the stateswagon on!” Die een wou die ander oortref in sy vertoon van „loyalty” aan Sy Majesteit die Koning. Hulle het hul glo verbeel dat huldiging van 'n taal wat nie Sy Majesteit s'n was nie, nie met „loyalty” strook nie! Dr. Thomas te Water, gewese Minister, wat weens sy sterke volksliewende gevoel uit die Rhodes-ondersteunde Sprigg-kabinet in 1898 getree het; Thomas Theron, voorsitter van die Afrikaner-Bond; dr. Josias Hoffman, een van die voorste en vurigste Taalbond-manne; Piet Weeber en ander

lede wie se opregtheid as Afrikaner-patriotte nie te betwyfel was nie, het almal na Engels in die Huis begin oorspring.

'N VERWYT IN RYM.

Meer as een van hulle het ek persoonlik geken en vir almal ontsag gehad, maar ek het tóg gevoel hulle verdien om weens daardie pappe handelwyse op die vingers getik en gewaarsku te word, hoe saggies ook. So het ek maar weer die toevlug na die rympen en die koerantkolom geneem. Daar die vermaning te doen gehad het met die gebruik van Afrikaans, wil ek my vergun om enige versies hier aan te haal. Die stuk het verskyn op 18 September (toevallig dieselfde dag waarop *Ons Land* die herroeping van die krygswetregulasies kon aankondig):—

„As mans soos julle — so bekend —  
So 'n voorbeeld sit in Parlement,  
Wie durf die jong geslag blameer  
As die ni hulle taal waardeer?

Nee, vrinde, kom, wees ook loyaal  
Aan jul afsonderlike taal!  
Laat tog die treffendste ni bly  
Wat ons van ander onderskei!

Hoe sukkel Wallis om haar spraak  
Steeds op te lei en sterk te maak!  
Hoe streef di Ier van vooraf nou  
Sy eie taal weer op te bou!

En hier, hier in jul land; bestaat  
'n Spreektaal van die eerste graad.  
Dis julle-s'n. Gebruik dit tog!  
En julle kan daar wel mee spog.

Let naar di taal van Dirk tog op,  
 En kyk of julle hom kan klop.  
 En daar is Knysna's Hendrik oek :  
*Hy sukkel nooit aan woorde-soek.*

Kan jul ni almal ook so maak  
 Terwille van di goeie saak?  
 Kom, Vrinde! Luister wat ek seg :  
 Geniet jul erfenis en reg!"

Teen daardie tyd het Parlementslede al begin raai wie „Janni” is, en sommige was taamlik vies oor die berisping. Hierdie was bereken, het hulle gemeen, om hul vooruitsigte by die volgende verkiesing te benadeel. Maar hieraan het ek my nie te veel gesteur nie en ek was van plan om, as hulle so voortgaan, 'n bietjie meer reguit te praat. 'n Verbetering was daarna te bespeur, ofskoon lank nie genoeg nie.

#### KERK LEWER OOK VERDERFLIKE VOORBEELD.

Maar dit was nie net vooraanstaande politici wat ten opsigte van taalgebruik gesondig het nie. Alteenveel predikante het hulle ook regtig swak gedra. Engels-prekery het toe nog, soos voor die oorlog, in 'n klomp van ons kerke plaasgevind, waardeur dan so 'n gemaklike brug gespan was vir Afrikanerseuns en -dogters om oor te stap na Engelse kerke. Dat die jong mense van hierdie brug gebruik maak het, kan jy hulle nouliks kwalik neem. Hulle het die egte artikel verkies bo die nagemaakte. Ek glo dat die Hollandse Kerk daardeur honderde lede verloor het.

## DIE VYAND EKSPLOITEER ONS PAPHEID.

As die Afrikaner self so min om sy taal, hetsy Afrikaans of Nederlands, gegee het, hoe kon hy behoorlike erkenning daarvan deur die vyand verwag? Oogluikend — altans die weinige proteste was erg flou — het die Afrikaner toegesien hoe Hollands (om die benaming nogmaals in die breër sin te gebruik) deur die Staatsdiens, maar veral die Onderwysdepartement, behandel is. In hierdie verband, as ek die tyd effe mag vooruitloop, mag ek aanhaal dat, terwyl daar in 1901 nog in 236 skole in die Kaapkolonie Hollandse onderwys gegee is, het die getal in 1902 slegs 154 behaal; en terwyl die Hollands-lerende kinders in 1901 nog 8,150 getel het, het die getal in 1902 tot 4,416 gedaal. En niks beter was die toestand in die Noorde nie. Nee, taalwaarborges in die Vredestraktaat nieteenstaande, is Hollands op die openbare skole in Transvaal en die Vrystaat soveel moontlik negeer. Hy is só behandel dat, so arm as die mense was, hulle weldra links en regs eie skole moes stig om die nuwe geslag vir Volk en Kerk te red.

## WAT WAS ONS TE WAGTE?

Ons sien dus dat, ook uit die taaloogpunt beskou, die eerste uitwerking van die oorlog en sy meessleepsels in verskillende opsigte tot nadeel van die Afrikaner gewees het — selfs ernstig onrusbarend. Die geskiedenis van volke leer ons dat wanneer 'n nasie met sy land en al verower is, hy heel lig die taal van die veroweraar aanneem — nie juis meteens nie, maar hoe langer hoe meer. Sou dit anders vaar met die Afrikaner — die Afrikaner wat alreeds sy regtig eie taal so geminag en verwaarloos het?

## DU TOIT VERGOED VAN DIE BAAN.

Een groot geluk het met die end van die wapenstryd gepaard gegaan: dit was ook die end van S. J. du Toit! Hy is in die openbare oog in 'n totale nul verander. Hy was nou volkome uitgebak — selfs by sy Imperialistiese vriende. Dié het hom nie meer nodig gehad nie! Sy *Patriot*, spotkoop uitgegee, het nog wel op 'n manier voortbestaan, maar dit was nou 'n obskure blaadjie. Dit was van net so min gewig en beduidenis as sy stigter. Afrikaans was wel as koeranttaal terug na die onderste sport van die leer, maar sou nie langer in die hande bly van die onpopulêrste man onder die nasie nie, en voortaan sou dit hoe langer hoe minder met hom vereenselwig word. Dit sou aan die hand geneem kan word deur persone wat die volk wis, meen dit goed met hom — deur Afrikaners vir wie mede-Afrikaners as volksliewendes, as reggesindes, vertrou en deur wie hulle gewillig sou wees om hulle te laat beweeg. Daarop het my hoop berus.

## 'N SKONE KANS VIR VILJOEN.

Sou dr. Viljoen nou, eindelik en ten laaste, sy weg ope sien om die leiding ten opsigte van die volkstaal op hom te neem? Hy sou, natuurlik, as hy dit wou doen, met fyne oorleg en saggies moet te werk gaan ten einde sy *prestige* onder mede-professore te behou en hewige weerstand van die kwaai anti-Du Toit-manne te vermy. Maar hy sou, daar is ek oortuig van, dit reggekry het, en, in daardie dae, niemand beter as hy nie. Hy was verreweg die populêrste professor aan die destyds mees nasionale van ons universiteite. Hy was op Stellenbosch die studente se Gamaliël. Te groter was sy invloed

omdat algemeen bekend was dat hy allesbehalwe meegegaan het met die politieke party waaraan Du Toit behoort het. En waar hy 'n saak pak, doen hy dit met warme geesdrif en deurdrywingskrag. As daar na die oorlog een man was wat 'n omwenteling ten opsigte van taal kon bewerk, dan was dit hy. Te ligter sou sy taak gewees het omdat die editeur van *Ons Land* nog taamlik simpatiek jeens Afrikaans was en Onse Jan te veel van 'n diplomaat om teen goed-bedoelende vrinde daadwerklik in 'n nasionale saak op te tree, hoeseer hy ook van hulle in die *modus operandi* kon verskil het. Net op daardie enkele voorman het ek nog enige hoop gevestig.

#### MAAR OOK HY STEL TELEUR.

Weer, egter, is my vertroude lelik geskok. Ook hierdie laaste van my staatmakers, het ek moet ontdek, is slagoffer geword van die algemeen heersende vooroordeel teen Afrikaans. Nie alleen sou hy naalat om vir die wankelende taal in die bres te tree nie, hy sou help om dit terug te hou! Onder opskrif „Onze Spreektaal”, uit die geleerde pen van „Afrikaner” (vermoedelik mnr. M. J. Besselaar) het ek naamlik in *Ons Land* (9 Desember) moet lees hoe die professor 'n paar aande tevore op Worcester in 'n openbare rede voor 'n groot gehoor met „het Afrikaansch Hollandsch” fout gevind het. „Terwijl hij het jong geslacht feliciteerde met den vooruitgang der opvoeding hier te lande . . . raadde hij hen ten sterkste aan toch nooit te meenen dat zij wijzer zijn dan dié hen zijn vooruitgegaan.” Kaapse Hollands sou gebrek aan „schoonheid en omvang” ly. En dan, daardie dubbele negatief! Hy erken wel dat dit ook in Grieks voorkom, maar „hoe het in eene taal als deze kon ingeslopen zijn, schijnt mij

onverklaarbaar." Dit kom hom onmoontlik voor „dat een spreektaal arm in woorden en in de verbuiging der werkwoorden, lang zou kunnen medebestaan met een rijke skryftaal. Voor een arme skryftaal toch zal niemand ijveren, en het is moeilik te denken dat men in de skryftaal over wetenskapelike en ingewikkelde zaken zal handelen en daarover niet spreken."

„Dan weer," so gaan die stuk voort (maar hier was dit my waarlik nie duidelik of dit dr. Viljoen of „Afrikaner" was wat praat nie), „als 't tot de keuze kwam, welke vorm van het Kaapsch Hollandsch zal men aannemen, doet zich dadelik een groote moeilikheid voor, en wij mogen bijkans zeggen: *Tot homines tot linguae*. Of zal men zoovele tongvallen gedoogen als er zich aanbieden? Elke afdeeling, soms enkele wiken der Kolonie, hebben hunne eigene spreekwijze, en hebben wij niet voorbeelden genoeg gehad van de algeheele mislukking van elke poging om het Afrikaansch Hollandsch in geskryfte uit te drukken? . . ."

„Er is geen ander weg open," voeg die verslaggewer by, „dan naar het hoogste doel te mikken. Elke andere poging leidt tot mislukking."

Ek het die stuk 'n tweede keer moet lees om my oë te glo. Kon die taalheld wat so dapper sy man gestaan het teen die so gevreesde autokraat J. R. Whitton, en my soveel geesdrif vir Afrikaans ingeboesem het, nou gedwee tou opgegooi het uit ontsag vir professore De Vos, Moorrees en Marais? Ek sal die pynlike ontnugtering nooit, so lank as ek leef, vergeet nie. Dit was vir my of Afrikaans nou sy genadeslag gekry het. Vir sy toekoms, selfs as *spreek*-taal, het ek vir die oomblik meer gewanhoop as ooit tevore.



Maar moontlik was dr. Viljoen nie juis gerapporteer nie. Ek het troos gevind in die korrespondentse slotwoorde: „Als een spreektaal verklaart dr. Viljoen zich sterk ten gunste van Afrikaansch Hollandsch, wát die ook zijn moge, doch . . . verraadt hij nooit de minste neiging om tot het Afrikaansch Hollandsch te vervallen. Als hij voornemens is op dien weg voort te gaan, loopt hij gevaar van verdacht te worden voor zich een monopolie van het zuiver Hollandsch in 't spreken voor te behouden, terwijl het hem niet raakt wat van 't Hollandsch van zijn landgenooten wordt. In zulk eene veronderstelling echter kan ik geenszins deelen.”

#### POLEMIEK BEGIN.

Wat betref „Afrikaner” se bepleiting van die algehele verwerping van Afrikaans, ook as spreektaal, ten gunste van Nederlands, het ek gevoel ek behoort hierop te antwoord. Maar tegelyk het ek besef dat ek dan die uiterste versigtigheid aan die dag sou moet lê. Dr. Viljoen was van liggeraakte aard. Trap ek op sy tone, hoe effentjies ook, ja ek hom altemit heeltemal in die vyandskamp, en, saam met hom, al sy aanbidders en aanhangers.

So onderwerp ek my in my brief aan sy mening — soos ek dit op sy gunstigste wou vertolk — dat Afrikaans wel eendag sy verhoogde status kon kry, maar nog 'n bietjie moes wag! En daarna pak ek sy verslaggewer, veral op die vermaning aan ons om „grammatisch Hollandsch te spreken.” „Alsof,” skryf ek, „Afrikaans ni sijn eie grammatika het ni! En alsof ons verkeerd sou praat as ons ni die reels van ons grammatika volg ni! Ek sou graag wil weet watter soort van Hollans ‚Afrikaner’ in sijn huis gesels. As di taal waarin ek mij hier uitdruk, ni

di taal is wat hij praat ni, dan praat hij gin Afrikaans nie. Hy moet dan óf Hoog-Hollands praat óf 'n verbastering van Hoog-Hollans en Kaaps — en dit is 'n mengelmoes wat gin 'taal' is ni. . . . Dus, as daar iemand is wat homselwe moet ontworstel van 'n ,eigenaardige beschroomheid om eenigszins grammatiesch te spreken,' dan is dit onse vrind ,Afrikaner.' "

Op verskeie ander van sy uitlatings het ek geantwoord, en veronderstel dat hy en Viljoen dit gladnie eens was nie!

Die eerste skrywe wat daarna weer oor ons taal in die koerant verskyn het, was van myself! Ek het naamlik 'n ingeslope flatertjie in my vorige brief herstel en tegelyk van die geleentheid gebruik gemaak om opnuut op die uitlatings van „Afrikaner” te pik. Weer het ek gespot met sy verwagting dat ons in spreektaal sal terugkeer na Nederlands — na „ik ben” en „je bent”, met die tongval van die Hollander! „Ek herhaal,” het ek geëindig, „dat, terwyl ons onsselwe moet toeleh op 'n goeie kennis van Hollands, om daardeur ons eie taal te verryk in woorde en uitdrukkings, moet ons di waarde van ons eie taal leer ken en moet ons haar gebruik soals sy is, en ni soos sommige eksentrieke persone meen dat sy behoort te wees ni.” (16 Desember.)

Hierdie briefie het aanleiding gegee tot onverwagte ondersteuning, die eerste wat ek in *Ons Land* gekry het, naamlik van 'n naamlose korrespondent, „R.” Hy het wel gemeen dat ek 'n bietjie te radikaal te werk wou gaan, maar kon in hoofsaak met my mee-gaan.

„Dis zeker goed,” begin hy, „om o'er die Afrikaanse taal te schrijf en te praat, want die nationaliteitsgevoel van 'n volk hang baing nauw saam met die taal; en ook is daar verschil van opinie omtrent

die toekomstige taal van die Afrikaanse volk: zal dit wees vereenvoudigde Hollans, of verbeterde Afrikaans? . . . Maar nou sien ik dat jou korrespondent, J.W., 'n derde op die lappe bring, namelijk Afrikaans zoos dit is. Nou, ik is van opinie dat ons die derde maar heelemaal moet laat wegval; want, om die waarheid te zê, zijn keel is alreeds afgesnij door die poging in die Paarl. Die spelling is daar crimineel, en 'n mens zijn oog word zeer, als hij daarop kijk. . . . Maar zelfs die spelling van J.W. beval mij nie." (Hij noem dan voorbeelde.) „Ons het nog nie ei'enlijk re'els, zooas J.W. beweert nie," so vervolg R., „maar ons het toch 'n taal waarnaar ons re'els kan vorm voor die Afrikaanse taal, en dis hoog tyd, meen ik, dat 'n Afrikaanse letterkunde in 'n verbeterde Afrikaanse taal tot stand kom. Want, één ding is zeker, Hollans zal op Afrikaanse bodem nooit zoo pos vat, dat dit een algemeene spreektaal zal word nie. Onze mense het 'n afschuw van *wij—gij*, die in aanmerking neem van die geslachte, en die grammatische omschrijvinge van Hollans. *Wij* word in die Boland nog gebruik door 'n paar ou voormoeders, met 'n vorm van die werkwoord wat daar glad nie by pas nie." Die korrespondent eindig met vol te hou dat of Afrikaans of Engels die veld sou behou, moontlik albei gelykop, maar nooit Nederlands nie, hoe „vereenvoudigd" ook — tensy die besware weggeruim word, en dan is dit „niks anders nie dan verbeterde Afrikaans."

Ofskoon ek van „R." moes bly verskil wat *spelling* betref en my redes gee, het ek ook my ingenomenheid met sy voorstaan van Afrikaans uitgespreek (24 Desember) — met 'n vermaning, egter: „Moeni praat van di taal te verbeter ni, tensij dit is om dit in woorde en uitdrukingskrag te verrijk. Soas di taal is, is sy een van di mooiste en eenvoudigste

wat daar bestaan. Maar, al was dit ook di leelikste, dan betaam dit ons nog om dit lief te heh, omdat dit *onse* taal is."

In die volgende uitgawe van *Ons Land* doen J. Meijer de Kock, 'n jong regsgeleerde, 'n beroep op dr. Viljoen. Hy verwelkom die herlewing van belangstelling in Afrikaans, hoop dat dit nie sommer van verbygaande aard is nie, sien nie in waarom Afrikaans nie as skryftaal kan gebruik word nie, en gaan voort: „Mogen wij niet prof. dr. Viljoen, den taalprofessor te Stellenbosch, verzoeken om het zijne over de taal in uw blad kortelijks uit een te zetten? Of, beter nog, zal hij niet in staat zijn, een voorlezing over het onderwerp in een zaal in de Kaapstad te houden? Zijnde de bekwaamste taalgeleerde Afrikaner, zullen zijne gevoelens een diepen indruk maken."

Tegelyk het daar ook 'n brief van „Pinocchio", 'n getroue waghond vir Nederlands, verskyn, wat aldus begin: „Als er iemand is die Dr. Viljoen bewondert, dan is het ondergeteekende. Niemand in deze Kolonie doet meer voor 't Hollandsch dan hij en niemand onderwijst deze taal met dat enthousiasme 'twelk bezielend nawerkt in de harten en hoofden zijner vele studenten." Na hierdie lofspraak kon hy dit waag om op 'n onbeduidende iets wat dr. Viljoen in sy rede op Worcester sou gesê het, 'n verskil van mening uit te spreek.

Die gevierde hoogleraar het egter op albei briewe die swye bewaar.

#### IETS VAN 'N OPFLIKKERING.

Intussen was ek nog aldeur besig om Afrikaans as leestaal voor die oë van die lesers van *Ons Land* te hou deur politieke geleentheidsrypries. In

Desember het verskyn : „Di beskeie Politiek van di Smartt-Party,” „Versoening *a la* Jameson” en „Sir Gordon Sprigg en die Kaapse Konstitusi.” In daardie maand het ook ’n ander korrespondent („’n Nagwagter”) ’n Afrikaanse gediggie bygedra : „’n Inbraak in die Hofmeijr Tehuis.”

So het Afrikaans darem ’n bietjie lewendiger voor die openbare aandag die jaar uitgegaan as wat hy dit ingetree het ! Weliswaar, hy het die vernedering ondervind van onderwerp te word aan die vraag of hy wêrd is om selfs as *spreek*-taal te lewe ; maar die feit dat g’n teenantwoorde op die briewe van „R.”, De Kock en myself gekom het nie en dat reeds oor-gegaan is tot ’n bespreking van die *spelwyse* van Afrikaans, was nie heeltemal ontbloot van betekenis nie.

## HOOFSTUK VII.

---

1903.

---

### IETS VAN 'N TAALHERLEWING.

---

#### MY „GOEDE HOOP.”

---

##### AFRIKAANS „HOPELOOS VERDWAALD”.

Maar „Afrikaander” (voorheen „Afrikaner”) sou nog 'n keer van hom laat hoor! Op 3 Januarie, 1903, weer onder opskrif „Onze Spreektaal,” plaas *Ons Land* 'n brief van ons Worcesterse vriend, wat hom in dieselfde gees as die vorige keer lug. „Om te spreken van de grammatica van Kaapsch-Hollandsch,” verklaar hy, o.m., „schijnt mij de grootste ongerijmdheid. Overigens bestaat er blijkbaar zulk een verschil tusschen J.W.'s opvatting van het schoone in de taal en mijn eigen denkbeeld er over, dat het alle redeneering over het hoofdonderwerp onmogelijk maakt: er bestaat geen gemeen standpunt van redeneeren. Neem slechts de kleine woorden ‚ik’ en ‚hem’.

In mijn vorigen brief koos ik de zinsnede ‚Ek het dit vir hom gegee’ als voorbeeld van het noodeloos verlaten van het zuiver Hollandsch en tevens van het schoone in die taal. J.W. echter gebruikt die woorden bij voorkeur, alsof het streven zou zijn van het Kaapsch-Hollandsch zoo ver mogelijk van de oorspronkelijke moedertaal af te wijken. Nu, wát ook de ondervinding van J.W. moge zijn,

ik moet het eerlijk verklaren dat ik in den dagelikschen omgang de woorden ,ek' en ,hom' maar zelden hoor gebruiken.

„Afrikaander” eindig sy brief egter met 'n duidelike blyk van te begin twyfel aan die houdbaarheid van sy standpunt. „Ik meende,” sê hy, „dat ik mij wat sterk uitdrukte over de afwijking van het Afrikaansch-Hollandsch, doch indien het zou blijken dat de Afrikaanders bovengemelde woorden in hun onveranderden vorm verkozen boven den eersten, zou ik het moeten erkennen dat gemelde taal inderdaad hopeloos verdwaald is van de moedertaal en dat het dus hopeloos is voor een enkelen persoon verdere pogingen aan te wenden om den steeds toenemenden achteruitgang te stuiten.”

### „EK” EN „HOM” VERDEDIG.

Op daardie brief het ek ons vrind geantwoord:—

„Afrikaander' meen dat dit absurd is om te praat van di grammatika van di Afrikaanse taal. Mar dan moet hy assemblief vertel *waarom* dit absurd is. Waarom is dit ni absurd om van di grammatika van di *Engelse* taal te praat ni? Of is ,Afrikaander' van gedagte dat onse taal ni net so goed sijn taalre'els het ni as Engels of eenig ander taal? As dit die geval is, dan kan ek hom ni komplimenter op sijn kennis van Afrikaans ni. Daar bestaan gin taal in di wereld wat ni sijn re'els het ni, en die re'els van 'n taal is sijn grammatika..... As ,Afrikaander' hierop antwoord, dat onse taalre'els nog ni vollediglik in 'n boek gedruk is ni, dan wil ek ni daarvoor strij ni: mar dit neem ni weg ni dat di re'els *bestaan*.”

Daarna noem ek enige reëls tot voorbeeld, en gaan voort:— „Afrikaander' hou niks van di sin: ,Ek het dit vir hom gegee' ni. Wat mankeer dit dan?

Moet dit wees : ,Ik heb het hem gegee' ? Mar dan is dit Hollans, en ni Afrikaans ni. Of moet dit wees : ,Ik het dit vir *hem* gegee' ? Mar dan is dit basterd Hollans, basterd Afrikaans. Nee, meneer editeur, ,ek het dit vir hom gegee' is korrekte Afrikaans, en dit klink regte goed in mijn oor, en, ek is seker, ook in joue. . . . Di skriftaal en die spreektaal van Holland verskil aansienlik van elkaar. As ,Afrikaander' wil heh dat ons een van daardie twee tale hier as spreektaal moet invoer, watte ééne moet dit wees ? As ons di boektaal wil leer praat, dan sal ons 'n spreektaal probeer krij wat daar selfs in Holland ni is ni. As ons di *spreektaal* van Holland hier moet invoer, dan moet ons eers naar Holland verhuis om dit daar aan te leer, want, sonder om dit te doen, sal ons nooit in di ewigheid daarin slaag ni. En, al kon ons ook sonder moeite en las onse spreektaal laat plaasmaak vir di Hollanse, waarom sou ons ? Is onse spreektaal dan ni net so goed as di Hollanse ni ? Nee, ,Afrikaander,' jy waardeer ni jou taal genoeg ni (as dit jou taal is)....." En so voort.

### EK KRY HULP.

Op daardie brief het niemand geantwoord nie. Maar enige weke later keer 'n korrespondent, „H.B.R." tot die polemiek oor „Onze Spreektaal" terug. „Heelwat," skryf hy, „wordt over onze spreektaal wederom gesproken in *Ons Land*, maar niemand heeft dit punt aangeroord. Kan Engelsch, Duitsch of Portugeesch (van al deze talen zullen wij in de toekomst in een of ander deel van Afrika groote-lijks afhankelijk zijn) de *gouden* band wezen..... van het gansche Afrikanerdom.....als één lichaam in alle deelen ? Mijn antwoord is, geene van deze,



maar alleen de zuiver gesproken Afrikaansch Nederlandsche, d.w.z., onze spreektaal.....” En hy eindig :—

Lief Afrikaans di blij ons taal,  
 Laat Engels, Duits, Portugees maar strij,  
 Bij ons sal jij tog altoos blij.  
 Mij kinders moet dit na mij praat,  
 Om vir hul kinders na te laat.”

#### VERSIES OOR ONS VOLKSTAAL.

Hiermee het die briefwisseling oor Afrikaans voorlopig geëindig, maar die volgende maand (14 Feb.) het ek in versvorm 'n kolomlange stuk onder die hoof „Di Afrikaanse Taal” geplaas, waarin ek die taal vir homself laat pleit. Genoeg dat ek daar net 'n paar versies as tipies van die trant van die hele bydraag uit aanhaal :—

Selfs in di Parlement word ek  
 Waar moënlik is, vermy;  
 Hul almal daar, behalwe 'n paar,  
 Laat my teenwoordig bly.

Di kromste Engels hoor jy daar.  
 Di Hollans gee jou pret, —  
 „I has” en „ek di heef” vir hul  
 Klink beter as „ek het” !

O, Afrikaner, leer my ken  
 En leer my tog waardeer,  
 En gee my wat my toekom tog !  
 D'is al wat ek begeer;

Dan, weet ek al te goed, hoe jy  
 An my sal word geheg,  
 En dan vrees ek gin hinderpaal  
 Wat voorkom in myn weg."

#### TAALBOND STAAN WEER OP.

Hierop het g'n antwoord gekom nie. Maar dis interessant dat 'n briefwisseling wat geopen is met 'n aanval op Afrikaans deur 'n voorstander van Nederlands, moes uitloop op 'n beweging vir Afrikaans.

Of daardie briefwisseling iets te doen gehad het met die buitengewone ywer wat daar in die begin van 1903 ten gunste van die behoud van Hoog-Hollands aan die dag gelê is, weet ek nie; maar lewendiger is sy voorstanders seker nooit gewees nie. *Iets*, sê ek: ek weet dit was nie *alles* nie. Die reaksie, noudat nie net oorlog nie, maar krygswetbewind en Grondwet-aanvalle agter die rug was; die voortsetting in onverminderde mate van die verkragting van ons taalregte deur die vyande van die Afrikaner; die treurige onverskilligheid deur die meeste van ons Parlementêre verteenwoordigers in die saak aan die dag gelê — hierdie dinge was seker almal faktore wat bygedra het tot daardie opgewektheid onder die taalmanne. Onder die studente op Stellenbosch het dr. Viljoen met sy „Ons Spreekuur” — die vereniging van „jonge Afrikaanders die zich beijveren om die schoonheid en voortreffelijkheid van hun moedertaal op den voorgrond te stellen” en die verrigtings waarvan uitsluitend deur middel van Nederlands gevoer is — vir Hoog-Hollands gedoen wat hy kon. Op Worcester en elders is takke van „Het Nederlandsche Vrouwen Verbond,” met doel om „de Nederlandsche taal in de verschillende werelddeelen te

schragen," gestig. En, „lest best," die Z.A. Taalbond is „weder opgericht" en „gereconstitueerd," met prof. P. J. G. de Vos as voorsitter en mnr. M. J. Besselaar as sekretaris van die Hoofbestuur.

Hierdie bestuur (wat amper al die lede van die Taalbond ingesluit het!) het die werk verrig wat die eksaminerende „University of the Cape of Good Hope" versuim het om te doen: hulle het vir die jeug van Suid-Afrika eksamens in Nederlands uitgeskrywe en sertifikate aan die geslaagde kandidate uitgereik. Lofwaardige werk, erken ek. Tegelyk 'n welverdiende klap in die aangesig van die eensydige „University" — wat egter 'n te dikke vel gehad het om die klap te voel.

#### VOLKSTAAL WORD GESUS MET KONSESSIES.

Maar die Taalbond sou nou 'n stappie verder gaan. Aan die taal self sou hulle torring. Hulle sou dr. Viljoen, wat op die punt staan om Europa te besoek, na die taal-gesaghebbendes in Holland afvaardig om verlot vir ons te verkry om tog so 'n bietjie af te wyk van die gebruiklike standaardtaal van Nederland! Hy moes hulle vra om ons te vergun om die Nederlandse spelwyse in die rigting van die Kolleryn-stelsel te gebruik, ja en ook sekere buigingsvorme te vereenvoudig; daarby ook vir die reg om sekere Afrikaanse woorde in ons Hoog-Hollands in te burger. Hy moes vir hulle duidelik maak dat ons *by Nederlands wou bly*, maar, ten einde hierdie taal te behou, moes Afrikaans enigsins tegemoet gekom word. In die woorde van prof. De Vos: „Wij willen geen nieuwe taal voor Zuid-Afrika gaan scheppen die den naam van Nederlandsch niet waardig zal zijn. Wij wenschen dat het nageslacht zich bij voortduring zal kunnen bedienen van de litteratuur van Neder-

land, maar wij zijn tevens verplicht rekening te houden met onzen volksaard en onze landsomstandigheden, alzo ook met de sterke concurrentie der Engelsche taal hier te lande."

Op daardie manier sou hulle Nederlands, „onze moedertaal," minder ongewild by ons maak — en tegelykertyd die gevreesde stroom in die rigting van „Patriots" stuit! Foei! Vir my het dié besluit sowel belaglik as tragies voorgekom. Of daardie liewe, goedbedoelende, nasionale hooggeleerdes kon insien dat al sulke pogings, op hul bes, slegs op lapwerk kon uitloop? Of hulle kon begryp dat, watter konsessies hulle ook uit Holland kon verkry, die taal van Holland nie die taal van Suid-Afrika was nie! Of hulle dit kon verstaan dat hoe langer jy Afrikaans terughou, hoe meer Afrikaners jy na die Engelse taal toe ja? Of hulle dit kon vat dat die enigste redding vir Hollands in Suid-Afrika te vind was in die volmondige, onvoorwaardelike erkenning van Afrikaans?

Maar laat my nie die „Taalvereenvoudiging"-geskiedenis vooruit loop nie.

### „DE GOEDE HOOP."

In April, 1903, is op inisiatief van die huisvader van die Hofmeijr-Tehuis, mnr. J. S. du Plessis, 'n onderwyser wat al op meer as een manier daadwerklik getoon het dat hy die belange van jong Suid-Afrika warm op die hart dra, 'n klein vergadering van persone wat in Hollands en die toekoms van ons jeug geïnteresseerd was, byeengeroep om die wenslikheid te bespreek van 'n maandblad tot diens van jongelinge tot stand te bring. In daardie dae, in vergelyking met vandag, het min Afrikanerseuns, en nog minder dogters, dit verder, of selfs so ver

as die Matrikulasie gebring. En aan hierdie groot klas, het mnr. Du Plessis gemeen, moes gewilde Hollandse leesstof van gesonde aard verskaf word. Anders neem sommige van hulle die toevlug tot die goedkoopste, dikwels verderflike Engelse lektuur, en die meeste lees glad niks. Die byeenkoms het plaasgevind in Onse Jan se studeerkamer op „Welgemeend,” Kampstraat. Teenwoordig was ds. J. P. van Heerden, mnr. Melt J. Brink, adv. F. S. Malan, gemelde mnr. Du Plessis en ek. Mnr. Du Plessis se voorstel het na korte bespreking algemene byval gevind, en besluit is om die direksie van Van de Sandt de Villiers & Co. te nader met die versoek om die tydskrif uit te gee, die keus van doopnaam te word oorgelaat aan mevr. Marie Koopmans-De Wet, 'n hooggevierde Kaapstadse Afrikaner-dame. Dat die maatskappy sou inwillig, was 'n uitgemaakte saak. Onse Jan se ondersteuning was daar waarborg voor. Die vraag was net: wie sal redakteur wees? En op myself het die keus geval. Wat ek waardeer het. Maar, daar ek reeds so 'n trop hooi op die vurk gehad het, het ek die kop moet skud. „G'n tyd nie.” Onse Jan het egter 'n paar dae later, nadat ook twee ander persone aan wie die pos aangebied was, dit geweier het, by my aangedring om van besluit te verander. Die werk kon ek in my ledige tyd saans verrig, en hy — ja ook al die ander medestigters van die blad — sou my help, hetsy deur bydraes te lewer of op ander maniere. 'n Stellige aanmoediging. Ek sou egter nog geweier het, het dit my nie bygeval nie dat die redakteur van so 'n spesiale orgaan vir jonge Afrikaners, uitgegee deur die welbekende nasionale drukkersmaatskappy en onder die beskerming van toonaangewende volkspanne, in 'n unieke geleentheid gestel sou wees om oortuigingswerk vir Afrikaans te verrig. Maar of so iets

my vergun sou word? Alreeds was besluit dat die stigters, met byvoeging van mevr. Koopmans-De Wet, as voogde oor die blad sou dien. Dat g'n-een van daardie persone teen Afrikaans as *spreektaal* gekant was nie, het ek wel geweet, maar sou hulle dit as *leestaal* duld? Sou hulle my toelaat om stukke ook in *hierdie* taal in so 'n tydskrif op te neem? Hiervan het ek my eers moet oortuig! En die antwoord het my genoegsaam bevredig. So willig ek in om maar in die bres te tree, voorlopig altans, — teen die prinslike salaris van £5 per maand! Op 21 April kondig *Ons Land* in 'n inleidingsartikel, onder opskrif: „Aan onze Jongelieden,” aan dat *De Goede Hoop* — dië naam wat mevr. Koopmans-De Wet gekies het — binnekort sy verskyning sou maak. „De taal ervan,” deel hy, o.a., mee, „zal zijn eenvoudig, voor den Afrikaander gemakkelijk verstaanbaar Hollandsch. Gedichten en verhalen in Afrikaansch gesteld zullen echter niet uitgesloten worden.”

#### NOG TWEE KLUGSPELLETJIES.

Intussen het daar weer enige lang bydrae uit my pen in *Ons Land* voorgekom. Behalwe die reeds gemelde versies oor die Afrikaanse taal, het verskyn: „Geluk met di Nuwe Jaar”; my stokoue klugspelletjie „Les oor 'n Tier”; 'n nuwe klugspelletjie, „Di Dokter van die Dorp” — 'n stuk wat, mag ek in die verbygaan meld, later baie opgevoer is —; en 'n vertaling van H. A. Leigh se *Twins*.

#### „JAN KIESER” NOG DAAR.

Na my intree as edituur van *De Goede Hoop*, het bydrae van my aan *Ons Land*, hetsy in rym of prosa,

iets seldsaams geword. Maar „Jan Kieser” was nog daar! Hy, soos „Janni,” het geweet watter taal vir die plattelander en die seun die verstaanbaarste en populêrste was. Nie min het daardie bekwame penman, *nolens volens*, daartoe bygedra om die leser vir Afrikaans mak te maak en die afhaler te ontwapen nie. Daar hy gelukkig g’n etimoloog was nie, was sy spelwyse oor die algemeen van natuurlike en praktiese aard en nie storend selfs vir die Nederlandse oog nie. „Jan Kieser” het geweet om erns en luim af te wissel; en terwyl sy taal eenvoudig was, het dit aldeur ’n goeie gehalte behou. Veral is sy „Praatjes” graag gelees omdat hulle ’n juiste opsomming, kort en bondig en vanuit ’n *Afrikaner*-oogpunt, van die Parlementêre verrigtinge gelewer het.

Maar fyn het hy sy identiteit weet weg te steek. Baie lesers, selfs Parlementslede, het my die kompliment gedoen om te meen dat ek „Jan Kieser” was. So algemeen en so vas het daardie geloof geword, dat dit my later niks gebaat het om dit te bestry nie; en meer dan eens het dit my bepaald in die verleentheid gebring. ’n Korrespondente wat haar briewe onderteken het „Klein Nooi,” het die gewoonte gehad om „Jan Kieser” se verskyning aan die begin van elke Parlement-sessie met ’n welkomswoord in *Ons Land* te begroet; en een dag kom ’n onbekende jong dame glimlaggend my kantoor binne, stel haarself aan my voor as „Klein Nooi” en sê sy kom haar vriend „Jan Kieser” ’n persoonlike handdrukke gee! Toe ek haar uit die droom wou help (sonder egter om my vriend Frans te verklik), antwoord sy, heeltemal ongelowig: „Toemar! Ek weet!” En ons het toe maar gaan koffie drink en oor ander dinge gesels asof ons ou maats was!

## „DE GOEDE HOOP” GAAF GESTEUN.

In aanmerking geneem die jare van geldskaarste wat op die oorlog gevolg het, ook die skandelike manier waarop Hollands — toe al vir baie jare agtereen — op skool verwaarloos was, kon die mate van ondersteuning wat *De Goede Hoop* van die staanspoor af van die Afrikaner-publiek ontvang het, as hoogs bevredigend beskou word. Selfs in Transvaal en die Vrystaat, ten spyte van die voortdurende gewurg en ellende onder die Afrikaner-element, was daar noueliks 'n enkele distrik sonder intekenare.

## BYDRAE IN AFRIKAANS.

Aangenaam was 't vir my om al van die begin af meer as een kontribusie in Afrikaans vir *De Goede Hoop* te ontvang — 'n taal, let wel, waarin skrywers moes te werk gaan sonder behulp van vasgestelde of enige behoorlik geformuleerde reëls tot leidraad. 'n Lang gedig was daar uit die vaardige pen van mnr. Melt Brink, „Verliefde Jan wil Bijwijwerij pleeg”; 'n storiëtjie van die hand van mnr. M. H. Nesor, Jr., „Di twee Roosblaartjies”; 'n bladsy vol versies opgestel deur adv. (later die Edele) Henry Burton, „Gilpin Redivivus”; en 'n heelparty bladvullings (waarvan die meeste egter van myself was).

## MELT BRINK ONTEVREDE.

Maar, vir een van daardie kontribuante het ek 'n bietjie mishag: Melt Brink! Sy gedig was oorspronklik opgestel in 'n spelling wat nóg Nederlands nóg Afrikaans was. So het ek dit, behalwe ten opsigte van sy heilige „ik”, in ongekunstelde Afrikaans oorgesit, en dit het hy darem ten ene male te „plat”



gevind, te „Patriots“-agtig. Ek het hom moet belowe dat ek in die vervolg nie aan sy spelling of taal sal torring nie! (’n Belofte wat ek egter later moes breek.)

#### EK BLY AAN AS EDITEUR.

Die uitbring van die eerste nommer het my meer sweet gekos as wat ek verwag het. Opgewee hier teen, egter, het die blyke van erkentlikheid wat ek van vele ontvang het, gepaard met die plesier wat dit my gegee het om die klomp jong lesers nader met hul regtig eie taal te laat kennismaak. So het ek besluit om maar met die werk voort te gaan. Min het ek egter gedroom dat dit ’n dosyn jare beteken.

#### HOE OM AFR. TE BEVORDER EN VREDE TE BEWAAR.

Hoe graag ek ook met intekenaars wat vir Afrikaans afkerig was, en ook met „De Goede Hoop Kommissie“ (die voogde) en die uitgewers, die vrede wou bewaar, het ek besef dat dit nie in alle gevalle moontlik sou wees nie. Ds. A. A. Louw, van die gemeente Noorder-Paarl — die gemeente waarop ds. Du Toit in die geleentheid gewees het om die meeste invloed uit te oefen — was die eerste by wie ek gehaak het. Sonder doekies, gelukkig in ’n *private* brief, het hy my sleg gesê oor my verering van die verfoeilike „Du Toit-taal“! En omdat ek daardie waardige ou vaderlander nie kon oortuig dat Afrikaans die nasionale taal was nie, het hy later van die blad afskeid geneem. Dan het ek ook ’n brief van ’n korrespondent uit Stellenbosch ontvang wat eweneens teen die editeur se partydigheid vir Afrikaans protesteer. Aangesien dit die doel van *De Goede Hoop* is om jong Afrikaners in Hoog-Hollands



MELT J. BRINK (1842-1925), prolifieke toneelskrywer en digter; treffende verteenwoordiger van die taaloorgangsperiode.

te help oplei, kla hy, kom daar te veel Afrikaans in die eerste nommer voor.

Ook aan hom het ek g'n beterskap kan belowe nie. Ek het hom geantwoord dat, terwyl ek sy opinie wil respekteer, onthou moet word dat die tydskrif 'n *volksblad* is; dat ek nie stukke wat in Afrikaans opgestel is, net om hierdie rede kan weier nie; dat Afrikaans by vele byval vind en hoe langer hoe meer as selfstandige taal erken word, en dat dit nie soseer die doel van die stigters van die tydskrif was om *Hoog-Hollands* voort te help nie as om leeslus vir die moedertaal op te wek.

### „ANJELINA.”

In die tweede nommer het daar dan ook meer Afrikaans voorgekom as in die eerste — die langste stuk uit my eie pen: voormelde treurspel „Anjelina,” wat 16½ kolom beslaan het, 'n werkie wat neef Frans in sy blad heel gunstig beoordeel het en waarvan ek 'n aantal in afsonderlike druk uitgegee het. Dit was my eerste boekie in Afrikaans, en baie aanmoedigend was die ontvangs. Ten spyte van al sy tekortkomings, is die spelletjie op verskillende dorpe, nogal met goeie gevolg, opgevoer. Wat aantoon watter groot behoefte daar by die volk bestaan het vir stukke in 'n verstaanbare taal.

### ONVERHOEDS PRYS OOM MELT AFRIKAANS.

In dieselfde nommer was daar ook weer 'n gedig van Melt Brink, gerig aan *De Goede Hoop*, hierdie keer in sy beste Hoog-Hollands, maar, vreemd, met 'n pluimpie vir Afrikaans:—

„Wie mint u niet, o Taal?  
 Die, zonder groot omhaal,  
 Zooveel weet uit te drukken —  
 Geen last heeft van geslacht,  
 Geen vaste reeg'len acht,  
 Geen wetten hard doet slikken;

Maar toch zoo zacht en zoet  
 Van blijd en droef gemoed  
 't Gevoel kan wedergeven —  
 Het hart zoo wild doet slaan,  
 En lach, zoowel als traan,  
 Doet op de wangen zweven.”

#### SPEL VOLGENS UITSPRAAK.

Ook het die derde uitgawe etlike Afrikaanse stukke bevat. Die suurdesem het toe al mooi begin werk. In hierdie uitgawe het ek in my „Editoriale Aanmerkingsen” met genoeg gewaag van die feit dat Afrikaans „hoe langer hoe meer als schrijftaal in den smaak valt,” en aan die hand gegee as „breede beginsel” dat gebruikers die woorde spel volgens uitspraak, maar nie onnodiglik van die Hoog-Hollandse spelreëls afwyk nie.

Van hierdie spellingstelsel gepraat, dis my meer as eens deur kritici daarop gewys dat ek my voorskrif nie konsekwent in die praktyk toegepas het nie. Dit is waar. Maar hulle is geneig om my sonde te oordrywe deur die kwalifiserende woorde wat ek gewoonlik by daardie voorskrif bygevoeg het: „soveel doenlik” of „nie onnodiglik nie” uit die oog te verloor. In my oë was die *w* in *touw* net so oorbodig as die *ch* in *mensch*.

## OOM MELT SE ONGEDOKTERDE TAAL.

Een van die stukke in daardie nommer was weer van mnr. Melt Brink : „Frekie Kaaskop,” in spelling onveranderd ! En hoe dit, om „platheid” te vermy, daar uitgesien het ? Genoeg dat die eerste vier uit die 29 versies aangehaal word :—

„Neef Frekie Kaaskop werd een avond —  
Dit was na een heel warme dag —  
Deur een zeer groote slang gebete,  
Terwijl hij op die rusbank lag.

Die dokter woonde ruim drie ure —  
Misschien nog verder — daar vandaan,  
En arme Frekie dacht niet beter,  
Dan dat zijn laaste uur zou slaan.

Dit werd gestadig voor zijn ooge  
Al donkerder, zijn tong werd zwaar,  
Zijn lede lam, en Saar, zijn vrouwlief,  
Riep telkens : „Kwam die dokter maar !”

Eerst toen de vale ochtend-schemer  
Werd o’er die zwarte nacht die baas,  
Kwam dokter Klaver aangereden  
Bij Frekie Kaaskop op die plaas.”

Maar ek wil nie dat oom Melt belag word nie. Willens of onwillens, het daardie ongeskoolde digter in sy dae meer gedoen om Afrikaners daaraan te herinner dat die taal van Holland nie langer vir Suid-Afrika deug nie, as enige ander. Sy humoristiese gediggies en toneelspelletjies was oral bekend en is indertyd wyd en syd voorgedra en opgevoer. „In sy tyd,” so skryf prof. J. J. Smith volkome tereg in

die *Gedenkboek* van 1926, was Melt Brink 'n kultuurfaktor van groot betekenis. In ons bewondering van die talle Afrikaanse skrywers wat ná Melt Brink gekom het en wat die leeskring deur hom geskep geërf het, dink ons dikwels nie aan die ou pionier wat onder veel moeiliker omstandighede en met veel eenvoudiger wapens moes stry in belang van 'n Afrikaanse kultuur nie, en dan onderskat ons veelal sy betekenis vir sy tyd." Soveel het ek self van oom Melt se beïnvloeding van ons volk, ten opsigte van taal, gedink dat ek in later jare probeer het om 'n doktorstitel van die Universiteit as blyk van waardering vir hom te verkry.

## HOOFSTUK VIII.

---

1903—1904.

---

### TAALBOND MET SY „VEREENVOUDIGD HOLLANDS.”

---

#### EK STEL AFRIKAANS VOOR.

---

AFRIKAANS GEWILD BY DIE JONG LESERS.

G'n enkele uitgawe van *De Goede Hoop* van 1903 was sonder stukke in Afrikaans nie; en ek is daar seker van dat as sy jong lesers teen die end van daardie jaar vryelik kon gekies het tussen Nederlands en die volkstaal as leestaal, die grote meerderheid toe al aan die plaaslike medium die voorkeur sou gegee het.

#### HOU MAATS MET ALLE PARTYE.

Egter, die tydskrif se amptelike voertaal, sowel as die taal van verreweg die meeste leesstof, was Hoog-Hollands. Dit was meer te danke aan opset as aan dwang. Ek het dit so gewil. Op daardie manier het die blad nie alleen in die goeie boeke van sy voogde gebly nie, maar die goedgesindheid weet te behou van menigeen wat anders niks met hom te doen sou wil gehad het nie. Oortuigingswerk onopgemerk. Professor J. I. Marais (van die Kweekskool), gewese hoofregter Melius de Villiers, eerw. G. J. Willemse en ander onverbiddelike teenstanders van Afrikaans

het die blad met bydrae gehelp, terwyl prof. A. Moorrees openlik in die Sinode intekening daarop aanbeveel het.

### WAAROM PARLEMENTSLEDE ENGELS PRAAT.

Eksel self het heelwat stukke in Hoog-Hollands in die tydskrif gesit. Een daarvan, geteken „Patriot,” was 'n artikel oor die mate van gebruik van Hollands in die Parlement. En hieroor mag ek effens uitwei. Soos gesien, het ek al die vorige jaar ons Parlementslede op die vingers getik oor hul moedswillige, verspote Engelspraterij, daarna weer in my versies „Di Afrikaanse Taal.” Dit alles het oënskynlik maar min gehelp. Die treurige verskynsel het hom nou opnuut voorgedoen. Die Wetgewende Vergadering het bestaan uit 92 lede. Ag-en-veertig het bekende Afrikanername gedra, en uit hierdie getal het slegs neentien, wanneer hulle die Huis toespreek (wat ook maar selde was), hulle van Hollands bedien; terwyl ses uitsluitlik, en die res meestal, Engels gebesig het. Redes vir hierdie verminderde gebruik het ek in my artikel as volg gegee:—

1. Omdat drie Afrikaanssprekende lede by tussenverkiesings deur Engelssprekendes vervang is.

2. „Sedert die voortreffelijke patriot, dr. Te Water, krank is geworden, word er van onze voormannen bijna geen enkel woord in 't Hollandsch gehoord, — 'n voorbeeld dat bij de zwakkeren natuurlijk navolging vindt.

3. Sir Gordon vleide den heer (H. C.) Van Heerden en een paar anderen verleden jaar op hun goed Engelsch accent, en, blijkbaar buiten zichzelf van geluk, hebben zij sedert aan Afrikaansch nauwelijks willen raken.



4. Sedert den oorlog valt de een over den ander in zijn streven om op den voorgrond te staan met loyaliteitsbewijzen, en Engelsch praten wordt beschouwd als een van zoodanige bewijzen.

5. Als men Engelsch praat, vindt men meer toehoorders in de Speakers- en andere galerijen — en wie is niet meer of min ijdel?

6. Men moet toch toonen hoe goed men Engelsch kent, en ieder verbeeldt zich dat hij het beter kent dan wat het geval is.

7. Onder de meeste Afrikaner-leden bestaat er bitter weinig achting en liefde voor hun moedertaal."

Hierdie artikel is oorgeneem deur *Ons Land*, waar dit van 'n korrespondent die wenk ontlok het dat „bij de naderende verkiesing wel 'n woordje daarover mag gezegd worden."

Oor die algemeen was 't in 1903 nog baie sleg met Hollands in Suid-Afrika gestel.

#### VREEDSAME DEURDRINGING.

Nou kom ons tot die jaar 1904. Die propaganda van *De Goede Hoop* vir Afrikaans, onopsigtig en stilweg maar, na my oordeel, doeltreffend, het voortgegaan. Woorde wek, voorbeelde trek. In vrede met die hele wêreld het die blad die jaar begin. Mnr. Melt Brink, met nog 'n gedig waarvan „mnr. De Waal tog asseblief nie die spelling moet verander nie," het die lesers heil toegewens in die soort van taal wat nóg vis nóg vlees was. In pront Afrikaans was daar 'n toneelspelletjie: „'n Misverstand," deur M. H. Nesor, Jr.; ook 'n herdrukte gediggie: „Di Tweeling"; en — twee hoofstukke van 'n verdigte verhaal uit my eie pen!

## GEBORTE VAN „JOHANNES VAN WYK.”

Ja, *De Goede Hoop* sou roman-skrywer van my maak! Maar hoe het *dit* gekom?

Ek het agtergekom hoe die gewone jong leser die Afrikaanse bydrae van Neser en ander waardeer, hoe gretig hy inderdaad alles wat in sy eie, natuurlike taal voorkom, verslind. Daardie gesonde leeslus, het ek gevoel, moes gevoed, moes aangemoedig word. Hoe om dit op die beste manier te doen? Uit die suinige uitgewersmaatskappy het ek die belofte gepers dat hulle vir besondere leesstof, leesstof waarom ek skrywers spesiaal versoek het, soveel per kolom sou betaal. So het ek, privaat, aan verskeie persone wat, na my beskouing, lekker kon skrywe, 'n bede gerig om vir my stories in Afrikaans te stuur; maar uit hulle penne het ek nagenoeg niks vergaarnie. Uit ander bronne het ek wel heelwat ontvang, maar die gehalte het in die meeste gevalle te veel te wense oorgelaat. So het ek besluit om maar self 'n slagie te probeer — en dit sonder om aan die sak van die uitgewersmaatskappy te raak! Daar ek egter self maar min romans in my lewe gelees het, dus betreklik weinig van die romantiek wis en my talente bowendien nie bra vertrou het nie, het ek dit vir my reputasie die veiligste geag om my naam vir die algemene publiek te verberg en my maar weer „Janni” te teken.

In die eerste plaas het ek my daarop toegelê om die jong leser in die storie sóveel belang te laat stel dat hy, of sy, dit gretig end-uit sou volg. In my eenvoudigheid het ek my verbeel — en, raai, ek verbeel my dit vandag nog! — dat daardie die hoofkuns is waarna jy in die opstel van 'n verdigte verhaal moet mik, want wat help 'n boek wat nie gelees word nie? Ek het maar geoordeel na my eie

smaak toe ek 'n seun was, 'n smaak wat ek beskou het as normaal. 'n Boek waarvan die storie my nie gepak het nie, het ek baie gou neergegooi, om dit nooit weer op te tel nie. Teneinde in gemelde kuns te slaag, sou ek opsetlik elke ding wat die jong gemoed enigsins kon verveel, probeer vermy. Nee, darem nie alles nie. Moedswillig sou ek van die geleentheid gebruikmaak om die een en ander omtrent ons vaderlandsgeskiedenis te vertel. Moedswillig, sê ek, omdat vaderlandsgeskiedenis op skool skreiend min, en hierdie bietjie in skandelik verdraaide vorm, opgedis is, en ek 'n dubbele nasionale slag wou slaan. Maar, watter planne ek ook sou beraam om my Afrikaanse leesstof vir die jonggeslag aanloklik te maak, ek sou daardie veelgesogte middel wat in alte baie hedendaagse romans tot hoofprikkel moet dien: die opwekking van sensuële hartstogte, beslis sku. Hoe eenvoudig, hoe leekagtig ook die werk aan die letterkundige deskundige sou toeskyn, dit moes in alle geval in staat wees om die gewone leser te trek — te trek na homself en na Afrikaans — sonder om sy lig te beïnvloede gees sedelik, nasionaal, godsdienstig of esteties, in die geringste maat nadelig te affekteer. Of ek sou slaag?

Toe die eerste twee hoofstukke verskyn het, moes al die ander nog opgestel word! Maar die raamwerk het ek al helder in my kop gehad en sou dus elke maand baie maklik tussen my boel ander werk in 'n paar hoofstukke kan klaarmaak. Aldus, dan, is Johannes van Wyk gebore, en, tewens, De Goede Hoop verseker van 'n lang reeks Afrikaanse stukke. So 'n versekering het dan ook nodig geblyk, want my twee vernaamste kontribuante in daardie taal, hetsy omdat hulle begin moeg word het, of om ander redes, het allengs in hul ywer aansienlik verslap.

## 'N VOORSTEL OM TE ORGANISEER.

Die suurdesem het al goed begin werk. Teen die middel van 1904 is 't met die saak van dieselfde taal waarvan selfs die blote bestaansrag twee jare tevore deur 'n geleerde „Afrikaander” in twyfel getrek was, al so ver gekom dat 'n geagte korrespondent aan die hand kon gee dat 'n „kommissie van taaløeleerde Afrikaners zou worden aangesteld om de spelling van de steeds vorderingmakende Afrikaansche taal te beslissen. Uit wie die „kommissie” moes bestaan, of wie hulle moes aanstel, het hy nie gewaag om te sê nie.

Met dié denkbeeld het ek egter meegegaan. In kommentaar op sy wenk het ek dit as my sienswyse uitgespreek dat dit goed sou wees om 'n Afrikaanse taal-vereniging te stig en aan die hand gegee dat taalliewende studente op Stellenbosch daarmee begin. „Als de vereeniging net twee regels heeft, namelijk, (1) dat de leden al hun briefwisseling met mede-Afrikaansch-sprekende Afrikaners in 't Hollandsch” (waarmee ek bedoel het Nederlands) „of Afrikaansch zullen voeren, en (2) dat zij zooveel mogelijk Afrikaansch zullen gebruiken wanneer zij met mede-Afrikaanschsprekende Afrikaners praten, dan heeft de taal al veel gewonnen. Takken van zoodanige vereeniging kunnen in alle deelen van het land gesticht worden. In verband ermee kunnen onthalen („entertainments”), waarop alleen Hollandsche en Afrikaansche stukken voorgedragen worden, 'n paar maal 's jaars worden gegeven, en de ontvangsten, indien eenige, worden gewijd ter bevordering der taal in andere opzichten.”

## TYD NOG NIE RYP NIE.

Ek het ook privaat 'n paar goedgesinde jong vrinde op Stellenbosch die pols gevoel, maar moes verneem dat die tyd vir hulle gladnie geleë was om so iets te waag nie. Te veel van die studente het op gebied van taal nog onder die invloed van hul professore, veral van dr. Viljoen, verkeer; baie wis nog nie waar hulle staan nie; en die origes was nie bereid om in openlike opstand teen hul owerstes op te tree nie. Vergeet moes nie word nie dat Stellenbosch die middelpunt van Taalbond, setel van Ons Spreekuur en werkplaas van Viljoen was!

Ek het ook self spoedig besef dat my wenk 'n bietjie voorbarig gewees het. Die algemene vooroordeel teen „Patriots” was nog nie genoeg verwyder, nog nie genoeg ondermyn, die baan nog nie genoeg gebreek nie, om op daardie vroeë tydstip al vir die teenparty die tande te wys. Jy sou net daardeur menigeen wat jy, soos sake nou loop, metertyd kan oortuig en oorwin, teen jou in die harnas ja; en, misluk jou onrype probeerslag, sou jy 'n tweede poging ontmoedig en jou taal dus 'n slegte diens bewys het. Slapende honde moes vereers nog met rus gelaat word.

Maar sou die invoer van die dreigende „Vereenvoudigd Hollands” of „Taalvereenvoudiging” — die twee benamings was sinoniem — nie die Afrikaanse taal intussen voorsny nie?

## „CHARTER” VIR 'N NUWE MOEDERTAAL.

Plegtig het dr. Viljoen — vasberade, entoesiasties, lewendig soos altyd — aan die Leidsche Maatschappij van Nederlandsche Letterkunde en aan alle ander gesagvoerende liggame en here op taalgebied in Hol-

land en Vlaandere gaan verduidelik hoe broodnodig dit was dat hulle aan die Taalbond-bede gehoor gee! En plegtig is hiertoe ingewillig. Teen die end van die jaar (1903), dan, kon die afgevaardigde in sy vaderland, met 'n *veni vidi vici* terugkeer—die gesogte „Verklaring” of „Charter,” soos hy dit graag genoem het, in sy sak! Die „bepaalde taalvorm” wat hy en hulle ooreengekom het dat ons moedertaal is, of behoort te wees, was beslis! Op 30 Januarie (1904) doen hy aan 'n goed bygewoonde vergadering van die Taalbond-hoofbestuur op Stellenbosch verslag van wat hy uitgevoer het, en met betuigings van hartlike ingenomenheid is dit ontvang. Maar wát die verslag eintlik behels het, het ek toe nog nie ontdek nie. Besluit het die vergadering om, voordat hulle die „Vereenvoudiging”-voorstelle publiseer, dié, met toeligting, in pamfletvorm na alle onderwysers en dosente in Suid-Afrika te stuur vir goed- of afkeuring of, desverkiekend, bloot kritiek. Nouja, dan moes ek nog 'n bietjie wag.

#### 'N JEREMIA-LIED EN 'N ANTWOORD.

Intussen woed in die Kaapkolonie 'n heftige Parlements-verkiezingstryd wat alle ander sake van openbare belang moes oorskadu. Die taalkwessie, altans in *Ons Land*, is toe met rus gelaat. Alleen het daar 'n Jeremia-lied uit die pen van mnr. C. P. van der Merwe, van Bloemfontein, verskyn (in Februarie) en, in antwoord daarop, aanmerkings van my en „Afrikaander.” Mnr. Van der Merwe het naamlik die ou afgesaagde (en onweerlegbare) klag herhaal dat die Afrikaner sy taal glad te veel verwaarloos, en ek het die geleentheid te baat geneem om nogmaals die hooforsaak van daardie sonde aan die hand te gee.

„Ter wille van de mode,” het ek naamlik verklaar, „en het valse idee dat Afrikaansch maar een *patois* is, schijnt er een algemeene neiging onder ons volk te zijn om het kleinoed, het bezit van een eigen taal, te verkleinieren.” Ons taal, het ek laat verstaan, het slegs die erkenning wat dit verdien, nodig. „De Afrikaansche taal is rijk in woordeschat, zuiver in afkomst, onbezwaard met moeilijke en onnoodige geslachtregels, klinkt evengoed als Hoog-Hollandsch of eenige andere taal, en is, bovenal, de taal van den Afrikaander.”

Die inhoud van die derde korrespondent se brief was maar 'n beklemtoning van mnr. Van der Merwe se bewerings. Hy kon dit maar nie kleinkry nie „dat na den onheiligen oorlog en de ten hemelschreiende verdrukking van ons volk onder de krijgswet er geen verbetering te bespeuren is.” Vir hom — soos seker vir al die Taalbond-lede — was daardie verskynsel „werkelyk een onverklaarbaar raadsel”.

#### DIE „VEREENVOUDIGING”-VOORSTELLE.

Met die publiseer van die voorstelle in verband met „Vereenvoudigd Hollands” is 'n halfjaar gesloer. Begin September eers is die pamflet waarin hulle uiteengesit was, versprei. Aan myself, ook, is dr. Viljoen so goed gewees om 'n eksemplaar, „ter recensie”, toe te stuur. Dit was die eerste keer dat ek agtergekom het wat die voorstelle eintlik bevat. In die lange toeligting word opnuut vertel dat sorg gedra is dat die taal van die Afrikaner in wese Nederlands (d.w.s. die taal van Holland) sou bly, maar dat Afrikaans tegemoet gekom is — sódanig, dit moes jy aflei, dat daar g'n rede meer vir sy afsonderlike bestaan sou wees nie, altans g'n rede dat daar langer vir hom as skryftaal geywer word

nie. Want „oogen” word mos nou *ogen*; *leeraar*, *leraar*; *paardenstal*, *paardestal* (egter *wagenhuis* en *goedendag!*); *meisjesschool*, *meisjeskool*; *van den tijger*, *van de tijger* (maar *van het tiggertje!*); *uwe koe*, *uw koe*; en jy kan *me naas mij*, en *ze naas zij* of *haar* gebruik; en, by voorkeur, „Jan *z'n* hoed,” en „wie *z'n* boek heb-je daar?” En, aangesien die Bybelse „gij zijt” te algemeen, verkeerdelik, in Suid-Afirka gebesig word, veral onder die onderwysers, word hul aandag bepaal by die vorme wat in Holland in swang is, vir invoer hier, nl., enkelvoud: *u bent*, *u is*, *jij bent*, *je bent*, *ben-je*; meervoud: *u zijt*, *jullie zijt*, *jullie zijn*. Maar dit was darem nie al nie. Die Nederlandse autoriteite het ook mildelik toegegee „dat het alleszins gerechtvaardigd is om woorden en uitdrukkingen die in Zuid-Afrika algemeen bekend zijn, ook in de schrijftaal te gebruiken”!

#### EK DAAR VIES VOOR.

Hoe strelend ook die uitdrukings in die pamflet omtrent inagneming van Afrikaans; hoe komplimentêr ook vir hierdie taal dat die konservatiewe taalgesaghebbers hul gedronge gevoel het om konsessies daaraan te skenk; en tot watter hulp ook, uit blote onderwysoogpunt, die voorgestelde veranderings die arme Afrikaner-leerling in sekere opsigte sou strek, het die bestudeer van die stuk by my tog 'n bitter onaangename smaak nagelaat. Die nuwe taal wat in die lewe geroep moes word, het my voorgekom as niks anders nie as 'n kunsmatige onding. Dat verstandige Afrikaners kon verlang dat die *spreek-taal* van *Holland*, met Afrikaanse woorde deurspek, tot *skryf-taal* van *Suid-Afrika* sou verklaar word, het my dronkgeslaan. Die blote omstandigheid dat die



Taalbond uitgegaan het van die standpunt dat Afrikaans maar 'n streekspraak was en die voorstelle bereken was om sy eerlange erkenning te dwarsboom, was opsigself ook al genoeg om my vir die affêre vies te maak.

Ek het darem nie uit die oog mag verloor nie dat die Taalbond-lede en die ander belangstellendes wat op die taalkonferensie in 1897 ten gunste van „taalvereenvoudiging” gestem het, dit opreg met ons nasie gemeen het.\* Oortuig was ek dat dit alleen aan wanbegrip, geboortig uit vooroordeel, toe te skrywe moet word dat die meerderheid by daardie geleentheid so 'n resoluksie ondersteun het en dat die paar origes maar ingewillig het omdat hulle gemeen het hulle moet vat wat hulle onder die omstandighede kon kry. Maar moes ek bloot uit ontsag vir dr. Viljoen en diegene wat by hom staan, my oortuiging nou muilband?

Dan sou ek darem erger as lafhartig wees. Heel goed het ek besef dat, met al die taalkanonne teen my in my sienswyse, my vooruitsigte om die Taalbond-plan sommer van die staanplek te laat skipbreuk ly, uiters gering was. Die stryd, het ek besef, sou in die aanvang meer as ongelyk, dit sou, ja, belaglik eensydig wees. En ek sou my 'n dik vel moet aankweek, want spot en hoon sou seker nie agterbly nie. Die kringetjie wat ek kon verwag met my sou saamgaan, sou, om mee te begin, byna uitsluitlik uit jong mense gevorm wees, onbekend aan die publiek. Dit sou 'n klas wees wat, uit die aard van die saak, op so 'n gewigtige taal-

---

\* Die konferensie was bygewoon deur professore De Vos, Hofmeijr, Logeman, Viljoen en Moorrees, en mnr. M. I. Stucki (Kaapkolonie); ds. Bosman, dr. Reinink en mnr. Nico Hofmeijr (S.A.R.); en dr. J. Brill (O.V.S.).

vraag betreklik min invloed kon uitoefen. en wat dan ook nie besonder bedrywig aan die geveg sou deelneem nie. Selfs op die bystand van sulke ongetwyfelde voorstanders van Afrikaans as dr. N. M. Hoogenhout (C. P. se seun, wat juis in daardie jaar, 1904, die *prestige* van Afrikaans aanmerklik verhoog het met sy bekwame „Praktisches Lehrbuch der Kap-hollandischen Sprache”), dr. J. Brill en mnr. Nico Hofmeijr, het ek gevrees, sou ek nie dadelik kan reken nie, omdat ook *hulle* „Vereenvoudigd Hollands” as ’n heilsame tegemoetkoming omhels het. Miskien het meer as een van hulle al voorsien dat daardie kunsmatige produk sy eie doel sou verydel. Maar dit kon mos alleen gebeur as sy ongewenstheid blootgelê word? En sou *hulle* hieraan wil meedoen? Hoe dit sy, die opdraandheid van weerstand het my nie mag laat afskrik van wat ek beskou het as plig nie. Al kon ek nie die invoer van die nuwe taal stuit nie, kon ek darem tog daartoe bydra om hom aan die kaak te stel en vir Afrikaans as plaasvervanger pleit. Met ander woorde, as ek nie die geboorte van die ongevallige basterd kon verhoed nie, kon ek in alle geval probeer om sy lewe te verkort. En aanhou wen.

#### PLEIT VIR ALTERNATIEF : AFRIKAANS.

Op dieselfde dag waarop die Taalbond-voorstelle in *Ons Land* opgeneem is, verskyn ook my kritiek daarop. Ek wou weet waarom die spreektaal van Holland die plek wat Afrikaans toekom, moes inneem. „Aangezien,” vra ek, „de Taalbond beseft dat de tijd gekomen is wanneer Afrikaansch in verscheiden opzichten in de Hollandsche schrijftaal erkend behoort te worden, zou het niet goed wezen dat hij Afrikaansch zooals dit gesproken wordt, in

alle opzichten als een geschikte schrijftaal erkent? Als wij toch van de erkende Nederlandsche taal- en spelregels moeten afwijken, waarom moet die afwijking net genoeg wezen om onze taal in een zeer gebrekkig Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens voor altijd, zoo radikaal wezen dat ieder die een zin in onze taal leest, dadelijk zal zeggen: „Dat is geen *quasi*-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch — dat is het zuiver Afrikaansch’? In dat geval zouden wij zoowel de taal van Holland als die van Zuid-Afrika zuiver houden, in plaats van een mengelmoes van beide te maken.” Ens.

#### ’N LEWENDIGE POLEMIEK.

’n Lewendige polemiekie het gevolg.

Op 6 September was daar ’n verdediging van die Taalbond-voorstelle uit die pen van mnr. F. P. Cillie (Stellenbosch). Ofskoon hy daarin niks teen Afrikaans uit nie, verklaar hy tog: „Ik kan in die bezwaren van den heer De Waal niet deelen.” Maar „Pinocchio”, in dieselfde nommer, was baie verontwaardig oor my alternatiewe voorstel. „Het Afrikaansch schrijftaal maken? Er is geen precedent voor in die wereldgeschiedenis dat een dialect (of taal) zoo nauw verwant aan zijn moedertaal als ’t Afrikaansch aan ’t Hollandsch, zijn spreektaal tot schrijftaal verheft.”

Kragtige hulp, egter, het ek toe van mnr. W. J. du Toit, huisvader aan die Normaal-College, Kaapstad, ontvang. „Laat ons liever onze eigene taal, het Afrikaansch, aanmoedigen. Het is een taal op zichzelf, ontsproten uit die Nederlandsche taal, evenals Fransch, Italiaansch, Portugeesch en Spaansch u’t het Latijn ontsproten”; en hy lewer ’n lang pleidooi vir ons volkstaal.

In die volgende uitgawe erken „B.G.” „dat naar veler oordeel 't Afrikaansch de taal is van Zuid-Afrika en niet het Hollandsch,” maar hierdie mening beskou hy as vals. „De geschiedenis der Afrikaansche taal was toch voor nog geen eeuw geleden geheel dezelfde als de geschiedenis der Hollandsche taal.”

Op dieselfde dag verdedig ook mnr. Hubertus Elffers, 'n alomgerespekteerde Hollander wat in die Kaap onderwys gegee het en 'n bekwame opsteller van skoollesboeke was, Nederlands teenoor Afrikaans. „Met al de erkende nuttigheid van het Kaapsch Hollandsch in zijn tegenwoordigen vorm, en de handigheid van het bezit daarvan voor het tegenwoordige geslacht, valt het niet te ontkennen dat men er niets anders dan een gekunsteld iets als schrijftaal van zou kunnen maken,” ens.\*

Intussen had mnr. F. P. Cillié weer 'n brief uit die pen, waarin hy te kenne gee dat, hoewel hy vir „vereenvoudigd Hollands” is, hy dit nie teen Afrikaans het nie. „Ik heb die taal geen rechten ontzegd,” skryf hy. „Ik schrijf ze trouwens zelf, en nogal dikwijls, en nooit anders dan ik ze spreek.” Toe wis ek nie bra wat ek aan hom het nie. Maar dit daargelaat!

---

\* Vir sy „Vereenvoudiging” had dr. Viljoen g'n kragdadiger medewerker as mnr. Elffers nie. Pas was die besluit ten gunste daarvan geval, of daardie Hollander, wat in besit van 'n eie drukkerij (Rustica Pers, Wijnberg) was, had 'n lywige roman, „Voor God en Vaderland,” uit die pen (Des. 1904), en kort daarna, met dr. Viljoen as kollaborateur, het hy ook 'n Nederlands-Afrikaans woordeboek uitgegee. Hy was van plan om 'n hele reeks oorspronklike verhale uit te bring, maar, vermoedelik teleurgesteld met die ontvangs van sy eerste poging, het hy daarvan afgesien.

Sonder versuim antwoord ek „Pinocchio,” „B.G.” en mnr. Hubertus Elffers breedvoerig.

Daarna 'n weerantwoord van „B.G.” en nog 'n brief van mnr. W. J. du Toit.

Die kwaaieste reëls teen ongekunstelde Afrikaans het gekom van ds. H. C. de Wet, van Greytown. „Sommigen,” skryf hy, „willen 't Hollandsch onveranderd hebben, en 't Kaapsch of Boerentaal tot schrijftaal maken. Zij schijnen de kloof tusschen de volkstaal en het Hollandsch zoo groot mogelijk te willen maken. Als men let op sommige stukken die in druk verschijnen, dan schijnt het of de schrijvers zich er op toeleggen om zooveel mogelijk Hottentotsch Hollandsch te schrijven.” Tog, opmerklik, voeg hy by : „Wij moeten voor het Hollandsch, en later voor het Kaapsch, dezelfde rechten verkrijgen die het Fransch in Canada geniet.”

#### „DE GOEDE HOOP” BESPOT DIE MENGELMOES.

Ook in *De Goede Hoop* is „Vereenvoudigd Hollands” in die begin bestry.

In die Oktober-nommer (1904) is die Taalbondvoorstelle taamlik volledig uiteengesit, met editoriale aanmerkings. Onder ander het ek daarop gewys dat jy volgens die reg wat jou verleen word onder die aanbeveling onder „Woordekeus” geregtig sou wees om as volg te skrywe:—

„Mijn vrijster haar patroon is kamma vererigd omdat je gister zo vrijmoedig geweest bent. Heb-je ooit kunnen geloven dat hij over zoiets kwaad zou worden? Het zal je, echter, dalk eenders wezen of die isegrimmige ou boos op je is of niet. Hij zegt dat, als je morgen weer komt call, hij je kop goed zal wasschen. Mintag! Zal ik niet lekker lachen!

Want ik weet mos dat je glad niet voor hem bang bent en nooit aan zijn getjommel traakt."

En ek eindig my kommentaar:—

„Hebben wij Afrikaners het niet moeilik genoeg om zoowel Nederlandsch als Afrikaansch in dit Engelsche land in stand te houden? Laat de lieve Taalbond ons toch niet met een derde Hollandsche taal komen lastig vallen."

Van heelwat vrinde het ek verneem, per brief en persoonlik, dat hulle met my instem; maar aan die maghebbers kon ek, sover as ek kon opmerk, weinig salf smeer.

#### WEER 'N TAALKONFERENSIE.

Soos in 1897, het die Taalbond nou weer (28 Des. 1904) in die Kaap 'n konferensie belê met enige verteenwoordigers van ander dele van Suid-Afrika, hierdie keer om goedkeuring van die voorstelle te verkry. Ongeveer 'n twintigtal (daaronder, tussen hakies, g'n enkele gebore Vrystater of Transvaler nie) het dit bygewoon; en, soos te wagte was, is (met vier teenstemme) al die voorstelle vir taalveranderings bekrachtig — met nog twee by: naamlik, (1) dat jy *mensch*, *bosch*, ens., sonder die *ch* spel; en (2) dat jy die agtervoegsel *lijk* in *lik* verander.

## HOOFSTUK IX.

---

1905.

---

### 'N HEWIGE TWISGESKRYF.

---

#### EK MAAK VYANDE.

---

#### VERSLAAN, MAAR TEVREDE.

Die eerste geveg — nee, dit was maar 'n voorlopige skermutseling, want die stryd sou noodwendig van lange duur wees — het dus, soos ek verwag het, beslis teen my gegaan. Maklik het die Taalbond dit gewin. Dit was egter maar die seëpraal van 'n tydelik baasspelende, hoewel welmenende klompie autokratiese remskoene, soos *ek* altans, reg of verkeerd, vir hulle beskou het, al het ek dit nie so mag uitdruk nie. Dit was nie die triomfeer van 'n volk oor 'n vyand nie. Met die algemene loop van sake was ek tevrede. Die twisgeskryf, volgens die tekens, en soos eerlang sou blyk, is nie vrugteloos gewees nie. Alle goeie dinge, sê die spreekwoord, kom langzaam.

#### 'N NUWE TAKTIEK.

Maar ek sou nou enigsins van taktiek verander. Ek het agtergekom dat baie predikante en ander voorstanders van onvervalste Nederlands allesbehalwe ingenome was met wat aan die universiteit voorgestel sou word. Dit het my laat voel dat as die verskil-

lende kragte wat daarteen gekant was, behou en verenig moes word vir afbrekende werk, dit vir my onder die omstandighede die verstandigste sou wees om voorlopig nie te veel op die alternatief, Afrikaans, aan te dring nie. Daar was nog alte veel Afrikaners van die klas van prof. Moorrees, wat niks van Afrikaans wou hoor nie en wat dus, as hulle moes kies tussen die twee „euwels” — Kolloewyns en Kaaps — aan Kolloewyns die voorkeur sou gee. Ek sou veereers, dus, my hoofdoel ’n bietjie op die agtergrond laat. Daarom, sonder om iets te rep omtrent Afrikaans, gee ek in *De Goede Hoop* (Januarie 1905) aan die hand „dat de Taalbond eerst de stemmen van al onze predikanten — dezen zijn immers de voornaamste handhavers der taal — per brief zal opnemen op deze belangrijke vraag, alvorens hij stappen neemt om zijn besluit ten uitvoer te brengen.”

#### „ONS LAND” PARTYDIG VERBY.

Die „Vereenvoudiging” is toe nog nie op skool onderrig of by universiteit ingedien nie; maar, ten einde die voorstanders daadwerklik die baan te help breek — en, toevallig(?), om my en my wapenbroers ’n stok in die wiel te steek — was die redaksie van *Ons Land* voorbarig genoeg om sommer van die begin van die jaar die reëls vir eie gebruik in te voer, ja en despoties genoeg om te weier om enige korrespondensie in die algemeen erkende Nederlands in die blad op te neem! Dit alles, niesteenstaande vriend Frans nog self ernstig skyn te getwyfel het of die nuweling gekom het om te bly, want hy voorspel dat as die taalgeleerdes nie nuwe series van skool- en leesboeke lewer nie, die ding „op een totale mislukking zou eindigen”!



## MAAR DIT BAAT NIKS.

Selfs daardie kragtige set (wat nie te lank volgehou kon word nie) het aan die weerstand teen die Taalbond-besluit g'n stop gesit nie. Inteendeel, dit het dit verskerp. Op 17 Januarie skryf mnr. J. R. Louw 'n baie verontwaardigde brief aan daardie koerant en voorspel o.a.: „Niet slechts één zoon van een bestuurslid van de Taalbond, gelijk reeds het geval is, zal Latijn, in stede van Hollands, voor 't examen kiezen.” Tewens versoek hy die editeur om die raad wat die redakteur van *De Goede Hoop* gee, in *Ons Land* oor te neem — 'n versoek waaraan voldoen is.

## DR. VILJOEN KRAAI.

Dr. Viljoen, kleingeestiger as wat ek van hom ver wag het, kon nie die versoeking weerstaan om nou 'n bietjie te kraai nie. Hy skryf, o.a.: „Het kan toch geenszins de bedoeling zijn van mnr. J. R. Louw, of wie ook, om tans een pennestrijd aan te gaan over een zaak die, evenzeer als de inneming van de Bastille of de val van Port Arthur, tot het verleden behoort?” Voorts trag die professor om te bewys hoe vas beklink die saak reeds was!

## MAAR TEENSTAND DUUR VOORT.

Daar hy met die woorde: „of wie ook” vermoedelik veral op myself gedoel het, het ek sy brief in die volgende uitgawe (24 Januarie) beantwoord, en sy bewering dat die saak tot die verlede behoort, bestry. Ek wys hom daarop dat die universiteit die vraag nog gladnie behandel het nie.

In dieselfde uitgawe spreek ook „B.K.” die hoop uit dat die Taalbond die wenk van *De Goede Hoop* om die predikante te raadpleeg, sal volg — ’n hoop wat ook later deur adv. (gewese regter) A. P. N. du Toit (Kaapstad), mnr. D. S. Botha (Bothashalt) en mnr. P. C. Schoonees (Uniondale) uitgedruk is. Laasgenoemde drie was daarvoor dat die saak voor die Sinode gelê word.

Intussen het mnr. J. R. Louw weer geantwoord en dr. Viljoen aandagtig gemaak op die spreekwoord:—

„*Would that the Gods the giftie gie us  
To see ourselves as others see us!*”

Dr. E. C. Godée-Molsbergen, ’n Hollander, kollega en aanbieder van dr. Viljoen op Stellenbosch, en geskiedenis-professor aldaar, het ook ’n stuiwer in die armbeurs gehad. Ook hy het dit nodig geag om vir die „Vereenvoudiging” in *Ons Land* ’n lansie te breek. Vir my ook had hy ’n woordjie: dat die Taalbond-voorstelle „geenszins het Kaapsch Hollandsch als spreektaal uitwierpen of onwaardig verklaarden.” Asof dit my bloot om spreektaal te doen was! Maar ek het gewet dat van dr. G.-M. noulks ver wag kon word dat hy ’n eie opinie in die saak sou uitspreek en het dus maar min aandag aan hom gewy.

#### O. KAMERLINGH-ONNES SE BESKOUINGS.

’n Hollander wat wél ’n onbevooroordeelde, onafhanklike oordeel oor die taalvraag kon vel, was mnr. O. Kamerlingh-Onnes, editeur van *Het Algemeene Nederlandsche Exportblad* van Amsterdam. Dié was g’n blinde teoris nie, maar ’n sakeman bekend vir sy fyne oplettendheid en sy praktiese beskouings. Na ’n uitgestrekte reis deur Suid-Afrika die vorige

jaar, het hy tot sy spyt tot die gevolgtrekking gekom dat Nederlands in hierdie geweste gedoem is. En die verwagting dat die invoer van „Klein Nederlandsch” (die spreektaal van Holland) die posisie sou red, het hy beskou as ongerymd. Laat my enige van sy eie woorde uit 'n artikel wat hy na sy terugkeer in Holland in sy *Exportblad* gesit het, aanhaal:—

„Het Nederlandsch, let wel de omgangstaal van Nederland, ‚Klein Nederlandsch’, aan het groote Zuid-Afrika op te dringen, is m.i. van te voren beslist mislukt werk. Het gaat zelfs niet aan . . . dat men door vereenvoudiging van spelling, of welke toenadering binnen eenzelfde Hollandsch omlijnd kader, den afstand van 6,000 mijlen denkt te overbruggen. Het eenige wat ons — en met groot succes meen ik — te doen staat, is door het Nederlandsch in Zuid-Afrika toegankelijker te maken voor de massa, de ontwikkeling van het Afrikaansch te verhaasten. . . . De gunstige uitkomst van het oogenblikkelijk verstoren, acht ik, zal deze zijn, dat in Zuid-Afrika binnenkort het beschaafde Afrikaansch zelfstandig als schrijf- en spreektaal wordt erkend. Daar moet het heen.”

*Ons Land* het die stuk oorgeneem, en ek twyfel nie daaraan nie dat dit meer as een Afrikaner-leser beïnvloed, ja beskaam het.

### DR. VILJOEN WORD DIPLOMAAT!

Om tot dr. Viljoen terug te keer, hy het nie op my brief geantwoord nie. Insteede, het hy aan die dag gelê 'n strategiese sin waarvoor ek hom nouliks krediet sou gegee het. Hy stuur my, naamlik, vir plasing in *De Goede Hoop*, 'n flinke bydraag, 'n storie van vier-en-'n-half-kolom, onder opskrif

„Martje Louw” („Martial Law”) — „in vereenvoudigde stijl”! Twee vlieë in een klap: ’n present aan iemand wat dit sou waardeer, en propaganda vir ’n troetelkind in die blad van ’n teenstander! En toe ek hom vir die kontribusie my dank stuur en op ’n paar dingetjies wat daarin voorkom, aanmerking maak, verras hy my opnuut: hy beantwoord my in *Afrikaans*, en dit in ’n fonetiese spelling wat myne oortref! Laat my ’n monstertjie gee:—

„Geagte Frint,— Fer ’n aksi fan onse maat . . . . hoef ons waarlik ni bang te wees ni. Di outji is al lank al, as gevolg fan syn oordrewe Bakkus sug, uit syn diens ontslaan. En toen ek laas daar was, vertel sy frou my met trane in di o’e, hoe skandelik hy sig gedra het. . . . Ek streef daar steeds na om my sinne so te bou dat er kwalik ’n woort kan gemis wort.”

#### HOLLANDSE TORINKIE VAN BABEL.

In dieselfde nommer (Februarie) waarin „Martje Louw” voorgekom het — ’n stuk waarop verskeie korrespondente in *Ons Land* as model gewys het — vind jy ook ’n bydraag („Aan de jonge Lesers”) van ’n ander Taalbond-man, Onse Jan, egter ook vier briewe teen die invoer van „Taalvereenvoudiging”, twee pleitend vir Afrikaans. Aangesien daar in laasgenoemde taal ook hydraes verskyn het, had ons drie soorte Hollands in dieselfde uitgawe! Was oom Melt ook kontribuant, sou daar waarskynlik vier gewees het! En hoeveel nog daarby — as die redakteurspen nie die mag had om enigsins uit die chaos orde te skep nie! Dit kóm daarvan as jou gesonde verstand jou dwing om die taal van ’n ander land te vermy, maar jou vooroordeel jou tewens terughou van die enigste natuurlike alternatief.

## MELT BRINK ONVERBIDDELIK.

*A propos*, by watter party het ons humoristiese volksdigter hom aangesluit? Was hy nog betreklik jonk, dan was daar g'n twyfel nie. Ek weet nie van 'n enkele jongmens, seun of dogter, uit die klomp wat ek indertyd oor die onderwerp beet gehad het, wat ek nie na baie korte bespreking in staat was om te oortuig dat Afrikaans ons taal was en ons volle agting verdien nie. Maar ag, diegene met die ingewortelde drogdinkbeelde! By hulle was die bekerings baie enkeld. Gehoop het ek, egter, dat oom Melt, ten spyte van sy vroeëre uitlating en sy ouderdom — hy was toe drie-en-sestig —, hom op die ou end tog nog by Afrikaans sou skaar. Dit was so onnatuurlik dat hierdie grote (hoewel onwetende) propagandamaker vir Afrikaans dit *nie* sou doen nie. Ek het met hom gaan praat en probeer om hom te laat insien dat wat „Vereenvoudiging” beoog, nie „beskaafde Afrikaans” — wat hy wou hê — was nie, maar bestendinging van — of, juister gesê, oorgang tot — 'n onbestaanbare vorm van *Nederlands*. Maar verniet. Hy was lid van die Taalbond (ook van die hoofbestuur, glo ek), en hy sou hom by die slimgeleerde oues voeg!

Nee, erger nog: hy sou uit sy pad gaan om die invoer van Afrikaans te beveg! In *Ons Land* van 9 Maart sê hy in 'n brief wat — ek het dit toevallig met eie oë gesien — opgestel was in dieselfde soort taal as sy „Frekie Kaaskop”, maar gelukkig deur die redaksie verbeter is:—

„Geef nu een die het Patriots slechts heeft geleerd een goed Hollandsch werk, of een Hollander een in Patriots geschreven werk, welke moeite zal het hem niet kosten de meningen te vatten en de spelling

te verstaan. Men houdt de vereenvoudiging der taal niet voor goed, maar zal dan het Patriots niet minder goed zijn? En is het dan niet het beste, van twee kwaden het minste te kiezen?"

Dus, by oom Melt was suiwer Afrikaans nog al deur 'n „kwaad" wat teen byna elke prys, al was 't deur 'n ander „kwaad" gekeer moet word! Hy het daar g'n doekies om gebind nie. Maar die effek van sy redenasie, as dit effek gehad het, is meer as vernietig deur 'n brief van 'n bekwame penman, J. A. Malan, van Humansdorp, 'n week later. Hierdie korrespondent het 'n uitstekende pleidooi vir die invoer van Afrikaans gelewer. Hy sê, o.a. :—

#### DIE VOLK SE NATUURLIKE NEIGING.

„Men wil naar het Afrikaansch afzakken in stede van het Afrikaansch te ontwikkelen en met behulp vooral van den Nederlandschen woordeschat, het dadelijk in eere te brengen als onze schrijftaal. Men roept nieuwe, ons Volk onbekende taalregels in aanzijn, in plaats van in sympathie met de natuurlijke neiging van het Volk, het ruwe, knoestige, doch tevens in ons bosch gekweekte hout wat af te schaven en op te poetsen. Ik, als individu, wil het misschien niet, en u ook niet, maar het Volk wil het. In de scholen willen de leerlingen — Engelsche en Hollandsche — het. In den handel wil de Engelschman, zowel als de Hollandsche Afrikaner het. Als de vreemdeling de Hollandsche taal leeren wil, is hy gretig het Afrikaansch te kennen. Met Hoog-Hollandsch wil hy niets te maken hebben..... Waarom dan zoo een allervreemdste tussen-wind-en-water nieuwigheid nog invoeren?"

## INVOER VAN VEREENVOUDIGING GELEIDELIK?

Om terug te keer na die Taalbond! Ek het ontdek dat, ten spyte van die oënskynlike eenstemmigheid in sy geledere, daar ten opsigte van ten minste één vername vraag heelwat verdeeldheid heers. Hierdie vraag is bespreek by geleentheid van 'n klein informele byeenkoms van taalbelangstellendes op Avondrust, Onse Jan se woning, op 6 Februarie. Die vraag was, naamlik, of, met die oog op die gebrek aan leer- en leesboeke en die alreeds alte sterke neiging onder die jeug om die moeilike, byna algemeen ongewilde Nederlandse onderwys te ontduik waar moontlik, die nuwe „skryfwyse” nie baie geleidelik ingevoer en toegepas behoort te word nie — of, b.v., die keuse van skryfwyse nie aan kandidate vrygelaat behoort te word nie; ja, en of dit nie wenslik was om hulle vereers te vergun om albei stelsels, wat spelling betref, te meng nie, b.v., om in dieselfde opstel *mensch* en *moeilik* te spel. Onse Jan, met sy bekende jammerhart vir jongmense en sy praktiese manier van moeilikhede op te los, was ten gunste hiervan; en ek het graag van die doktor wil weet wat hy as lid van die uitvoerende kommissie wat die Taalkonferensie benoem het, aan die Universiteit gaan voorstel.

## DR. VILJOEN DEFINIEER SY STANDPUNT.

Sy antwoord was onbeslis — tot die volgende dag! Toe ontvang ek van hom uit Stellenbosch 'n brief waarin hy sy sienswyse besonder helder formuleer, 'n brief wat, ofskoon dit niks regstreeks met Afrikaans te doen het nie, ek hier graag volledig weergee, nie alleen weens sy geskiedkundige waarde nie, maar uit billikheid jeens 'n teenstander:—

„Amice, — Ik heb nog eens nagedacht over de vraag, die U me gisteren op de vergadering ten huize van de Ed. heer Hofmeijr stelde, en ik wil, om alle misverstand en eventuele wrijving te voorkomen, mijn gedachten over de kwestie van *varianten* duidelijk formuleren. Daarom doe ik zulks bij de eerste de beste gelegenheid, en zwart op wit. U weet dan wat u van mij heeft te verwachten, als de zaak, die nu weer *ad calendas graecas* schijnt verschoven te zijn, bij geval voor de Raad der Universiteit komt. (1) Ik erken en huldig in de schrijftaal van nu *twee spellingstelsels*: dát van de Vries en te Winkel, waarvan ik mij voorhands nog *ex cathedra* en met 't oog op de examens bedienen moet, en dát van Kolléwijn en de Vereenvoudigers, waarvan ik mij voor particuliere doeleinden, zoals in dit geval, bedien. (2) Ik erken, dat beide spellingstelsels op zuiver wetenschappelijke grondslagen berusten en dat ze als zodanig recht van bestaan hebben, *naast, en gescheiden van elkaar*. De vraag, welk van beide 't op de lange duur winnen zal, moeten we aan de tijd overlaten. De verstandige weg is: beide recht van bestaan te verlenen, m.a.w. beide permissief te maken. Dat is ook 't m.i. verstandige besluit geweest van de taalkonferentie van 28 Des. (3) Verstaat men echter onder *permissief* iets anders, en wil deze uitdrukking zeggen, dat men zich b.v. van beide stelsels te gelijk, in hetzelfde stuk, op dezelfde bladzij vrij en ongestraft (als men namelijk candidaat is) mag bedienen, dan geeft men aan dit woord een andere betekenis dan ik, en dan wil men hier iets gaan toelaten, dat in Nederland in de schriftelijke examens stellig niet geduld wordt, namelijk het willekeurig dooreenhaspelen van de twee bestaande spellingstelsels. Zulke een tolerantie mag *diplomaties* zijn; of ze *paedagogies*, laat staan practies, is,



betwyfel ik wel zeer. Ten slotte wil ik u even doen opmerken, dat bovenstaande alleen van toepassing is op de *spelling* der woorden, geenszins op de vormleer."

#### WRYWING TUSSEN DR. VIJJOEN EN MYSELF.

Die ontvangs van hierdie brief het ek met dank erken, maar ek meen dat ek toe nogmaals by die groot taalman aangedring het om die element van dwang in die oorgangstydperk soveel doenlik te probeer uitskakel. Hy het weer geantwoord, maar was onverbiddelik, en, hierdie keer, effe onvrindelik, al spreek hy die hoop uit dat ons „goede vrindjes" sou bly. Ek het ook weldra moet verneem dat hy, enigsins in stryd met wat hy in sy brief beweer — 'n mens mag natuurlik van opinie verander —, die bestaande Nederlandse stelsel slegs nog *vyf* jare permissief wou maak en daarna alleen die nuwe stelsel toelaat — iets waarop hy dan ook later sterk aangedring het. So was dit nie sonder 'n gevoeletjie van leedvermaak nie dat ek in die Maart-nommer van *De Goede Hoop* aan die lesers kon meedeel dat, deels vanweë ontevredenheid by predikante en ander, deels vanweë verdeeldheid in Taalbond-geledere, die genome besluit nog nie by die Universiteit vir bekragtiging ingedien was nie, en die volgende vergadering van hierdie liggaam eers in *Julie* sou plaasvind.

Dr. Viljoen was teen daardie tyd al taamluk volgekrop vir die teenstribbelings en stremmings wat sy pogings weervaar. Selfs teenoor Onse Jan het hy nie heeltemal lekker gevoel nie, omdat dié hom nie warm genoeg ondersteun het nie. So was daar by hom maar min nodig vir iets van 'n ontploffing. Geleentheid hiertoe het ekself, ongelukkig, vir hom

verskaf. In my gemelde mededeling het ek 'n uitlating gedoen wat my liggestoorde vrind ernstiger of op ander manier opgeneem het as wat ek dit bedoel het. Ek het naamlik op een plek van hom gewaag as, „'n diep filoloog maar swak mensekenner”. Die gort was toe gaar. Die langgerekte vrede tussen my gewese onderwyser en myself was op 'n end. My bewerings ontken hy sonder versuim in *Ons Land*, en net kwaai was hy. Wel betwis hy dit nie dat die voorstelle nog nie ingedien was nie, maar gee te kenne dat dit gladnie was omrede predikante daar 'n afkeer van het of omdat daar verdeeldheid in die Taalbond-kamp heers nie, want dit was nie die geval nie. Nee, die redes was, beweer hy, dat instemming nog van die verskillende onderwysdepartemente en verlot van die Leidsche Akademie in Holland moes verkry word vir die *lik* en die weglating van die *ch*. Hy ontken ook dat die Universiteit eers in Julie sou sit: dit sou al op 19 Mei gebeur. Voorts pak hy my oor my „persoonlikheden en vrijpostigheden”, gewaag smalend van *De Goede Hoop* as „ons kinderblad” en spot met my bevoegdheid om my in sulke taalvrae te verdiep!

Soos die Hollander dit sou uitdruk, „de teerling was geworpen”. Wat betref die datum waarop die Universiteit weer sou vergader, het ek ontdek, was ek, letterlik, verkeerd ingelig. Maar my teenstander kon wel in sy teregwysing bygevoeg het dat die Universiteit, soos hulle in die geval van alle diepgrypande vrae wat voor hulle kom, doen, die saak na 'n spesiale kommissie uit hul midde vir ondersoek en verslag sou verwys en dat so 'n verslag eers op die daaropvolgende vergadering ingedien kon word, d.w.s., in hierdie geval, *nie voor Julie nie*, want die Universiteit het maar elke drie maande vergader. Op my bewerings omtrent ontevredenheid

by predikante en verskil in die Taalbond, het ek hom verwys na Onse Jan en prof. Moorrees as getuie, want dis van hulle (e.a.) dat ek die inligting gekry het, inligting wat ek nie as van private aard beskou het nie. (Tussen hakies, onder ander het ek verneem dat op die vraag van die invoering van „Vereenvoudigd Hollands” die Taalbond ’n skrywe in protesterende gees van die Scriba Synodi ontvang het.)

Ofskoon ek niks meer in my brief wou sê as nodig was nie — ’n vegter moet altyd pyle in reserwe hou —, het my reëls maar min opening gelaat vir „goede vrindjes blijven”. Trouens, die gees van dr. Viljoen se skrywe het al die deur daartoe gesluit. Met my antwoord het die briefwisseling geëindig, want die redaksie het dit raadsaam geag om daaraan dadelik stop te sit!

#### PROF. DE VOS WAARSKU MY.

Om een rede het ek oor daardie uitval spyt gehad. Tot dusver het ek daarop kon roem dat my tydskrif dit reg gekry het om met alle taalkringe vrede te hou. Dr. Viljoen sou nou vyandig daarteen optree. Tevore het ’n paar Kaapstadse vrinde (toevallig lede van *De Goede Hoop*-kommissie) my versoek om taalstryd uit die blad te weer, asook om nie soveel Afrikaans daarin te laat voorkom nie. En nou, net na gemelde briefwisseling, ontvang ek as editeur ook ’n waarskuwing van ’n ander belangrike persoon, ’n wapenbroer van dr. Viljoen. Onder die naam „Amicus” skryf die Voorsitter van die Taalbond my hoe hy „als toejuicher van de verschijsning van *De Goede Hoop*, als trouwe lezer en als ondersteuner ervan,” my houding teenoor die Taalbondvoorstelle betreur, en hy sluit: „Er zijn vele inte-

kenaren die ontevreden zijn over deze zaak en wenschen te bedanken."

Nou, as daar iemand op Stellenbosch was vir wie ek eerbied, en meer as eerbied, gekoester het en graag wou behaag, dan was dit juis daardie waardige en liefderyke ou vaderlander. Sy brief het my getref. Maar hoe nou? Dat *De Goede Hoop* daar enige stoflike skade deur sou ly as dr. Viljoen, dr. Godée-Molsbergen en 'n halfdosyn ander daarvoor bedank, het ek, by nadenking, nie ernstig gevrees nie. Want wat die blad by daardie klas sou verloor, sou die jonger geslag vergoed. Maar ek het g'n uitval wou hê, as ek dit kon vermy, met vrinde wat ek wis dit volkome opreg meen met my nie. Aan die ander kant, weer, as ek nie in *De Goede Hoop* die baan, trapgewyse, kon help breek vir Afrikaans nie, kon ek maar dadelik die redakteurskap, wat tog gedurig in die weg van my stoflike welvaart gestaan het, neerlê. My antwoord het gelui:—

„De bladzijden van *De Goede Hoop* zijn een ieder vrij, zijn gevoelens erin uit te drukken, hoe die ook van de onze verschillen mogen. Wij, persoonlijk, hebben ernaar gestreefd — overeenkomstig onze vaste overtuiging dat het besluit der Taalbond-Conferentie, indien ten uitvoer gebracht, oneindig meer kwaad dan goed te weeg zal brengen — om dat besluit, zoo niet vernietigd, dan toch gewijzigd te krijgen. Als Afrikaners die in deze zaak anders denken dan wij, om die reden voor het eenige nationale tijdschrift gaan bedanken, wreken zij zich op zichzelf, en zullen ons daardoor niet verhinderen onze gevoelens op zaken die ons Volk betreffen, vrij en onverschrokken uit te spreken."

Nou kon maar bedank wie wou! Alles was voorlopig egter reg. Die intekenlys, wat toe ruim 3,000 name bevat het, het niks agteruit gegaan nie, en

„Amicus” self was die eerste om weer vir die tydskrif heil en seën toe te wens.

### VILJOEN WIL OPPOSISIEBLAD STIG.

In die tussentyd, egter, moet ek hier byvoeg, het vrinde uit Stellenbosch my toegefluister dat dr. Viljoen van plan was om dit my en my propaganda vir Afrikaans betaald te sit deur 'n opposisietydskrif op te rig. Daarvoor was ek darem nie bang nie. So 'n hooggeleerde taalkundige as hy, sou wel pragtig, maar bo oor die kop van die gewone leser heen, skrywe. Jy kan nie jou leesstof vir die middelmatig opgevoede jongmens aanneemlik maak as jy nie in sy siel en gees kan tree en sy beperkings in ag neem nie. Hierdie waarheid het meer as een van *De Goede Hoop* se voorgangers tot hul verdriet te laat ontdek.

### G'N VOLKSGROEP VIR LANDSTAAL NIE?

Dat daar stryd, harder stryd as ooit tevore, vir ons weiniges wat hier vir Afrikaans openlik ywer, veral vir myself as edituur, voorlê, was baie duidelik. Sou ons g'n hulp van elders kry nie? Het ons pogings in *Ons Land* en *De Goede Hoop*, b.v., g'n weerklank gevind nie? Het dit g'n medewerking uitgelok van enige seksie van die volk nie?

Van Universiteitsprofessore en Kweekskool-hoogleraars, van onderwysdepartement-hoofde en van predikante en ouderlinge, van staatshoofde en hul dienare, van politieke leiers en Parlementslede, was in daardie tyd — ek is nou gekom tot die tweede kwart van 1905 — baie min te wagte. Ek ontken nie dat daar al 'n aansienlike klompie individue onder hulle te vinde was wat die gesondheid van die argumente

ten gunste van Afrikaans ingesien het nie; maar hoeveel uit die geledere van al die genoemde klasse sou die moed of lus hê, of die noodsaaklikheid gevoel, om in die openbaar by ons aan te sluit en die algemene publieke vooroordeel en bespotting te trotseer? Dis hierdie soort — nie net toeknikkers, nie net ja-broers nie — wat ons nodig gehad het.

## HOOFSTUK X.

---

1905.

---

### JOERNALISTE KOM UIT VIR AFRIKAANS.

---

#### DIE HOOF-BAANBREKERS.

---

##### DIE UITSONDERING OP DIE REËL.

Was daar g'n enkele klas, as klas, te vinde wat al ontdek het dat die voortbestaan van Hollands in Suid-Afrika op die lange duur slegs op een manier te verseker was nie? (Sou die duidelike antwoord op hierdie vraag al ons taalgeskiedskrywers opgeval het?) Alteseker was daar so 'n klas. Een wat, hoewel betreklik klein in getalsterkte en met lede baie uitmekaar versprei, helder van alle ander te onderskei was; 'n groep waarvan nie net enkele lede nie, maar byna die laaste een, gewaar het hoe onmoontlik die taal van die Nederlander langer tot taal van die Afrikaner kon dien, en, daarby, een wat, ofskoon so alleenstaande, gelukkig in staat was om die openbare mening aansienlik te beïnvloed. Die *Joernaliste*.

Dis hulle, die koerant-samestellers, wat, terwyl Taalbond-manne en ander hulle nog vyandig of onverskillig teenoor die plaaslike voortbrengsel gedra het, die verdediging hiervan op hulle geneem het. Nie aan onsigbare bronne nie (soos 'n hooggeagte skrywer beweer het) het Afrikaans sy weeropstanding

uit obskuriteit, sy herlewing, te danke gehad nie. Die bronne van 'n beweging, ewemin as die beweging self, kan nie onsigbaar wees nie. Jy kan hulle nie missien nie. Ek herhaal : die klas mense, die *enigste* klas, wat, as sodanig, die aansprake van Afrikaans ingesien en vir hierdie taal 'n goeie woord gehad het, was die koerantskrywers; en dis uit hierdie goeie woord, gepaard met 'n ruime mate van daadwerklike huldiging, dat die eerste taamluk algemene beroering ten gunste van Afrikaans na die oorlog ontspruit is.


#### KON NIE ANDERS NIE.

Dat *dit* die geval moes wees, is dan ook g'n wonder nie. Hoeveel van daardie mense buitendien geneë sou gewees het om Afrikaans te aanvaar, en in watter mate, is onmoontlik om te sê; maar die editeur of onder-editeur wat nie die ongerymdheid van die bestaande toestand ingesien het nie, moet siende blind gewees het. Deur die daaglikse, praktiese ondervinding van dié vakmanne is hulle beter as ander, selfs as die onderwysers, in staat gestel om te oordeel in hoever dit selfs vir die opgevoede Afrikaner moontlik was om hom behoorlik in Hoog-Hollands uit te druk.

#### MY EIE ONDERVINDING AS EDITEUR.

Ek weet wat my eie ondervinding as redakteur was. Die bydrae wat ek vir *De Goede Hoop*, selfs van hooggeleerde persone, ontvang het, was in die reël nie alleen pynlik gedwonge en stutterig nie, maar het ook in baie gevalle gewemel van taalfoute. Ek self het só min tuis in daardie taal gevoel dat, al het ek sy grammatika in die teorie taamluk deeglik





DAVID P. DU TOIT (geb. 9 Des. 1870), een van die baanbrekers in die 2de Afr. Taalbeweging, romanskrywer.

geken, ek in die praktyk soms die grofste flaters daarin gemaak het, flaters wat ek eers moes ontdek na die blad al uit was! Gelukkig kon ek my dan enigsins troos met die stellige verwagting dat die gewone leser hulle nooit sou opmerk nie. En in die verbygaan mag ek aanstip dat my oë onlangs op 'n „werd” vir 'n „werden” in 'n *Ons Land*-inleidingsartikel van daardie tyd geval het. Die taal was nie ons-s'n nie.

### 'N MEISIE WAAG NEDERLANDS!

Die editeur indertyd van die *Middellandse Afrikaander*, mnr. David P. du Toit (nou op die personeel van *Die Burger*) vertel in een van sy uitgawes (Okt. 1904) hoe aangenaam verras hy was toe hy van 'n jong dame, 'n welopgevoede nôientjie, 'n brief in Nederlands (Nederlands) ter publikasie ontvang! „Doch lang mocht onze vreugde niet duren,” moes hy in verband met hierdie seldsame gebeurtenis byvoeg. „Er was een begeleidend briefje bij — in Engelsch!” Hy vermoed die verontskuldiging: „omdat zij zich in Engelsch zooveel beter kan uitdrukken.” Natuurlik. En daardie geval was tipies.

### JOH. VISSCHER SE BEKERING.

Laat my die uitslag van die ondersoek van 'n onbevooroordeelde, grond-eerlike *Hollander*-joernalis gee: mnr. Joh. Visscher, editeur van die Bloemfontense *Vriend*. (Eers in Oktober 1905, t.w. in *De Goede Hoop*, het hy dit gelewer, maar hy verhaal van opgedane ondervindings van voor daardie jaar.) Hy skryf:—

„Ik onthou nog die middag toe ons, ik en adv. De Waal, saam oor die taal gezels het na ons terug-

koms van 'n zitting van die Wetgewende Raad. Die slim praatjies van partij van die lede het ons moeg gemaak en ons krij lus ver 'n kop tee. Zoos die gesprek gaan, van die os op die ezel, zeg adv. De Waal: „Hollans is nie mij taal nie. Dis ver mij baiing makliker om Engels te praat dan Nederlans. Maar thuis is ik net in Afrikaans.” Die woorde het ik nie vergeet nie. Ik het toe stadig an studie gemaak van die Hollans wat deur ontwikkelde Afrikaanders geskrijf worde. Ik het begin bij adv. Malan, adv. De Waal, die editours van Hollandse koerante in die ou Kolonie, die kerkblade, om te zien hoe predikante skrijf, enz. Bij die een meer, bij die ander minder, moet ik opmerk dat hul Nederlans maar stijf is, en partij keer vol Anglicismes, en van die een na die ander moet ieder ontwikkelde Hollander zeh: die Afrikaanders hul brieve en preke en artikels is tog nie die regte ding nie: Hollans is ver hulle 'n ander taal, wat hulle geleer het, maar wat tog nie hulle taal is nie. Partij het dit so geleer dat hul Hollans in die vorm heeltemaal reg is, maar die ziel mankeer oorals, en bij partij ook die kennis van woorde en vorme. En als dit zo is bij die ontwikkelde Afrikaanders, hoe moet dit dan wees bij hulle wat maar min skool gehad het? Ons editours in Zuid Afrika kan daarvan praat. Ik wil heh adv. Malan moet hieroor biekie gezels, hoe die Hollans lijk van die „Ingezonden stukken.” Zij ondervinding van Zuid Afrikaanse journalist is iets langer dan mijne. Maar ik denk tog dat hij tot diezelfde inzig gekom het als die editours van *De Vriend*, *De Volksstem*, *De Afrikaner*, enz.: dat dit ver niet is om te verwag dat Nederlands (of Hoog-Hollans, zoos ons hier altoos zeh) ooit die skrijftaal van die oorgrote meerderheid van Afrikaanders kan wees.”

Dergelike ontboesemings kan van verskeie ander gebore Hollanders aangehaal word.

#### TAALBOND BEVEG MET EIE WAPEN.

Die leser begryp nou waarom koerantemanne meer as enige ander klas geneig was om die oorsése taal te laat plek maak vir die plaaslik aangekweekte plant. Na die taalstryd wat deur die „Vereenvoudiging” aan die gang gesit was, het die een na die ander, in weerwil van alle ontsag vir Taalbond en Taalkonferensie; tenspyte ook, in etlike gevalle, van 'n vroeër uitgesproke hartlike verwelkoming van die nuwe Nederlands, met hul oortuigings ten gunste van die eg Suid-Afrikaanse artikel voor die dag begin kom. In die aanvang was hul uitings meestal polsvoelerig en versigtig; maar, vermoedelik omdat hulle, behalwe in die Westelike Provinsie waar die groot taalmagte gekonsentreer was, verbasend min twisgeskryf uitgelok het, het hulle hoe langer hoe waagsamer geword. Binne die eerste ag maande nadat die Taalkonferensie van 28 Des. 1904 besluit het om „Klein Nederlands” hier in te voer, en nog voordat amptelike invoering inderdaad geskied het, het daar nouliks 'n enkele editeur van 'n Suid-Afrikaanse Hollandse koerant oorgeskiets wat nie reeds regstreeks of onregstreeks dit as sy gevoel te kenne gegee het nie dat Afrikaans wel as leestaal kon dien.

Soos die ironie dit wou, die nadering van die offisiële erkenning van die „tegemoetkomende” nuwe Nederlands, met al die fraai aanskouelike voorbeelde daarvan deur dr. Viljoen, adv. Malan, e.a., gegee, het per slot van rekening, in plaas van te strek om die Afrikaner met die taal van Holland te versoen, juis 'n teenoorgestelde uitwerking gehad, behalwe miskien

in die grote onderwyserskring. Dit het daartoe meegewerk om Nederlands, sowel in sy „Klein” as sy „Groot” vorm, te laat plekmaak vir die plaaslike produk. Die geroemde „Vereenvoudiging” was te kaak gestel en sy aantrekkingskrag aansienlik gekrenk. Oor my aandeel hierin, hoe laakbaar sommige dit ook beskou het, het ek my nooit geskaam nie. Wat dr. Viljoen as brug gespan het om die weifelaars wat na Afrikaans geneë was, na Nederlands te laat oorstap, het ek benuttig om wankelende Nederlands-aanhangers na Afrikaans te laat oorkom. Of, beter gestel: wat hy uitgegooi het as lokaas, het ek gebruik as verskrikker.

D. P. DU TOIT („DE MIDDELLANDSCHE  
AFRIKAANDER”).

Watter koerantman was destyds die eerste om vir Afrikaans te pleit? Ek weet nie. Ek verbeel my dat, ten opsigte van die groter blaaië, dit die stuurman aan die roer van *De Middellandsche Afrikaander* van Cradock was. Mnr. D. P. du Toit (wat, in die verbygaan aangestip, 'n getroue ondersteuner van *De Goede Hoop*, sowel as 'n persoonlike vriend van my was) het Nederlands betreklik goed geken, maar is van sy jong dae af 'n aanhanger van Afrikaans gewees. Hiertoe was hy vermoedelik beïnvloed deur sy oom, ds. S. J. du Toit, alhoewel hy dié nooit as politieke leier erken het nie. Reeds in 1900 het hy artikels in sy koerant oor die verdienstelikheid van hierdie inheemse spruit geskrywe. Daarna, egter, het hy blykbaar noukeuriger rekening gehou met die gevoelens van die teenparty. In die jaar 1904, b.v., hoewel hy heelwat gediggies in Afrikaans in sy blad opgeneem het — veral is oorgeneem uit *De Trans-*

*valer* van Fordsburg —, het hy g'n enkele keer, so ver as ek kon ontdek, vir daardie taal gepleit nie. Maar nou — nou dat hy agtergekom het wát die Taalbond eintlik wcu, kon hy dit nie langer krop nie. „Ds. du Toit,” so skryf hy op 13 Jan. 1905, „was stellig meer consequent en logisch in zijn onderneming..... Geven de paedagogen van de Taalbond de tegenstanders van het Hollandsch niet de sterkste argumenten om hun bewering dat Hollandsch zooals hier gesproken en geschreven, geen taal is, te staven? Zij hebben slechts op de feiten te wijzen..... Taalvereenvoudiging! Wij verkiezen ze taalmoord te noemen.” En weer (17 Jan.): „De geheele zaak komt hierop neer: men voelt dat Hollandsch niet de taal van den Afrikaander is; Afrikaansch is zijn taal. Nu wil men een taal voor hem *maken*. Dat kan niet. Men kan geen taal maken. Een taal wordt geboren. En een betere taal dan de Afrikaander heeft, kan hij nooit krijgen..... En, wat meer is, de Afrikaansche taal zal steeds grooter worden, mits dat men haar niet op onderduimsche wijze tegenwerkt met tusschentalen. In Z. Afrika is alleen plaats voor Afrikaansch en Engelsch.”

Kragtige woorde, en g'n leser het daarteen beswaar gemaak nie — selfs nie daardie nougesette steunpilaar van die blad, sir Jacobus de Wet, nie, wat vroeër 'n onversoenlike teenstander van Afrikaans gewees het. Dié was bitter verontwaardig oor die steun wat *Ons Land* aan die „zoogenaamde taalvereenvoudiging” verleen. „Het benieuwt me,” skryf hy my (10 Feb.), „of Malan de toestemming der directeuren had, de nieuwe mengelmoes te gaan gebruiken en aan zijn lezers op te dringen.”

## J. S. M. RABIE („DE AFRIKANER”).

'n Paar weke later kom ook die Hollandse koerant van Natal, *De Afrikaner*, waarvan mnr. Jan S. M. Rabie editeur was, vir Afrikaans uit, ofskoon hy, verskillend van sy Cradockse tydgenoot, die invoer van „Vereenvoudiging” verwelkom! Maar hy het dit verwelkom slegs as *middel*, nie as mikpunt nie. Hy het dit gedoen „vooral omdat deze vereenvoudigde spelling een eerste stap is op de weg die leiden moet tot de vestiging van een eigen Zuid Afrikaanse Taal en Letterkunde. Onze toekomst is Afrikaans of niets.”

„Bewaar my vir my vrinde!” sou die taalhelde van Stellenbosch by die lees van daardie woorde kan uitgeroep het, en „*Et tu Brute!*” toe hulle vind dat *De Volkstem* — met die hooggeagte dr. F. V. Engelenburg, 'n gebore Hollander, aan die hoof — die stuk oorneem (4 Feb.) en byvoeg: „Zo moet 'n mens praat.” Weinig woorde hierdie, maar dit het gewys hoe die wind begin waai.

## „TRANSVALER” EN „LAND EN VOLK”.

Van die verdere gedrag van die manne aan *De Volkstem* sal ons netnou verneem. Intussen mag in die verbygaan aangestip word dat die editeur van die *Transvaler* van Johannesburg, eweas die redakteur van *Land en Volk* van Pretoria — blaaië wat ongelukkig albei nou swaar geworstel het om die kop bo water te hou en bestemd was om eerlank te verdwyn — het ook al tasbare bewyse van begunstiging van Afrikaans gelewer. Inderdaad was *Land en Volk* *pro*-Afrikaans lank voor *De Volkstem* dit gewees het.

## J. S. M. RABIE, WEER.

Om tot mnr. Jan Rabie terug te kom, — hy, 'n ou koerantskrywer, soos mnr. David P. du Toit, was ewemin as laasgenoemde 'n nuwe bekeerling tot Afrikaans; maar, ook soos mnr. Du Toit, het hy baie in sy pasoppens moet bly vir die vooroordeel onder die lesers — 'n vooroordeel wat waarskynlik vaster gevestig was in Natal as in die Oostelike Provinsie. Want in die O. Provinsie het die hooggerespekteerde vaderlander, Oom Daantjie van den Heever, as *Di Patriot* se Parlementêre verslaggewer jare tevore, 'n heelparty lesers al enigsins gewoon gemaak aan Afrikaans.

Was mnr. Rabie nog aan die Bloemfonteinse *Express* verbind, soos voor die oorlog, sou dit hom lig geval het om nog vir sy volkstaal iets te doen. In daardie koerant het hy destyds op eie houtjie die Nederlandse spelling vereenvoudig, b.v. *sinlik*, *wens*, *kommisjie*. Om hom in sy eie woorde te laat voortgaan (ek haal aan uit 'n brief wat ek 'n tydjie gelede van hom ontvang het): „Dr. Engelenburg was in *De Volkstem* besig om dieselfde te doen. Wat sy plan was, weet ek nie; maar my mikpunt was om geleidelik die spelling te vereenvoudig, af en toe 'n verbuigingsuitgang weg te gooi en langsamerhand ons skryftaal Afrikaans te maak sonder veel opspraak te verwek.”

Vernuftig genoeg, maar of 'n mens dit op daardie simpele manier sou reg gekry het? Eenvoudiger Nederlandse spelling is één ding, die Afrikaanse taal 'n ander. In alle geval, ons vrind het nie geleentheid gekry om met sy proefneming voort te gaan nie.

In 1904 is mnr. Rabie Maritzburg-toe. Daar, aan *De Afrikaner*, het hy nie so maklik vir Afrikaans



kan ywer nie. Om sy eie woorde aan te haal: „Die lesers was gewoon aan 'n soort woordeboek-Nederlands van vammelewe se dae.” Militant was ons vriend ook nie van aard nie. Dit erken hy self: „Drywers moet daar ook wees, maar ek het nooit gemeen dat drywe my werk was nie. Vir my was 'n menseleef tyd in die ontwikkeling van 'n taal maar as 'n dag of selfs 'n uur.” En tog, soos die geskiedenis dit wil, was hy een van die eerste editeurs na die oorlog om hom te verklaar ten gunste van Afrikaans. Wat meer is, hy was ook een van die eerste om te waag om in sy verantwoordelike bevoegdheid in 'n hoofartikel daarin vir sy taal los te trek. En hy sou so voortgegaan het, had hy dit nie dadelik van meer as een kant op die kop gekry nie! „Byna,” verhaal hy, „het ek *De Afrikaner* en myself daardeur verongeluk.” Die versigtige man, wat tog gladnie drywer wou speel nie, had dit te ver gedrywe!

### „DE VRIEND”.

Maar wat omtrent ons vriend *De Vriend*, daardie Hollandse helfte van *The Friend*? Jy sou verwag het — as jy nie eers oor die vraag nagedink het nie — dat in so 'n volksaak die orgaan van die Hollandsprekende Vrystaters, wie se gewese president Reitz nogal persoonlik in Afrikaans gedig en sy mense daaraan help heg het, voor enige Kaaplandse (of anderlandse) koerant die taal sou verdedig. Veral sou jy dit verwag het omdat die Hollander-invloed daar betreklik gering gewees het en omdat selfstandig-dinkende, baanbrekende patriotte as Marthinus Steijn en Barry Hertzog g'n nasionale beweging sou teengegaan het nie. Jy sou verwag het dat „Oom Lokomotief,” wat toe op Bloemfontein gevestig was, en dr. J. Brill, wat nog in volle krag was, daarvoor sou gesorg het.

Maar dan sou jy jou vergis het. 'n Geruime maand nadat *De Middellandsche Afrikaander* hom so onbewimpeld teen die „Taalbondtaal” en ten gunste van die „eigen taal” ontboesem het, neem die Bloemfonteinse blad nog in sy hoofkolomme 'n artikel op, onder die opskrif „De Taal is gans het Volk,” uit die pen van mnr. Fred Rompel, waarin dié plegtig vertel „hoedat met volharding de Hollandse” (lees hier *Hoog-Hollandse*) „taal” in Suid-Afrika, eweas in Vlaandere, gehandhaaf kon word! Hy rep wel niks teen (of voor) Afrikaans nie, maar betoog: „De taal moet door de Afrikaanders uit de hooge standen gemaakt worden tot de salontaal, zodat de vijand niet meer kan spreken van ‚Kitchen Dutch.’ ” Presies soos prof. De Vos sou geskrywe het! En 'n week daarna verskyn in daardie blad 'n hoofartikel onder opskrif „Sterft de taal uit?”, waarin die skrywer die herhaalde voorspellings wat daar toe van verskillende kante gemaak word, dat naamlik die Engelse taal besig was om ons-s'n te verswelg, trag te weerlê. „Het Hollands is taai,” probeer hy sy lesers troos. „Het kan heus tegen bestrijding” — die soort taal wat mnr. M. J. Stucki kon gebruik het! Weer g'n woord omtrent daardie enigste vertakking van Hollands wat die situasie kon red nie. (Oorsake vir daardie skynbare stadigheid in die Noorde, wil ek later uitlê.) Maar allemensig, toe die *Vriend* eers eenmaal wakkerskrik! Toe doen hy meer as vergoeding vir al sy getalm. Toe hol hy al sy tydgenote verby. Toe staan hy sommer die ertoele in sy blad aan Afrikaans af (24 Mei 1905). Hy plaas naamlik in sy inleidingskolomme 'n lang stuk in daardie taal, getitel „Oom Blikoor se Brief” — en Oom Blikoor was Johan Visscher, die redakteur self! Daarna (1 Junie), weer in die hoofkolomme: „Een pleitrede vir die regte van Afrikaans,” 'n kragtige pleidooi deur

iemand wat hom teken „Jong Afrika” — die editeur se lewendige medewerker, ds. W. Postma.

Laasgenoemde het later op die onderwerp teruggekom, en toe om die beskouings van die lesers gevra. Maar die lesers het stilgebly. Wat g'n ongunstige teken was nie! Voor die wind draai, gaan hy lê. Moontlik het hierdie stilswye juis die bietjie ekstra aanmoediging verskaf wat die geesdriftige Visscher nodig gehad het. Hy kon toe die stoute skoene aantrek en vrymoediglik 'n hoofartikel uit *editoriale* pen in sy aangenome taal plaas (1 Julie 1905).

Trots op hierdie kordaatstuk, het hy die artikel uitgeknipt en aan my toegestuur. En ek het dit as 'n skat bewaar.

„Dis die eerste inleidingsartikel wat ons in ons volkstaal in ons krant skrywe,” het die opsteller verklaar, o.a. „Ons het dit gedoen om in die eerste plaas te wijs dat ons Afrikaans nie beskou as 'n kombuistaal nie: daarom het ons dit dieslag in die voorkamer geset. In die tweede plaas het ons so gedoen om te bewijs dat Afrikaans geskik is, so goed as Hoog Hollands of Engels, om daarin ernstig te redeneer en te argumenteer. En in die derde plaas het ons dit gedoen om te hoor hoe ander mense o'er die nuwigheid denk, want in dit geval is dit seker dat die volkstem die koningstem is. *Hul* sal moet beslis. Nie ons nie.”

### „DE VOLKSTEM”.

En *De Volkstem* van Pretoria? Ook hierdie koerant, die tweede grootste Hollandse orgaan in Suid-Afrika, het hom so goed as jy onder die heersende omstandighede in Transvaal kon vermag, jeens ons volkstaal gedra. Wel het hy nie die vinnige spronge van sy Vrystaatse tydgenoot durf probeer nie, maar sowel die Hollander-editeur as die Afrikaner-onder-

editeur, het nie gehuiwer om dit as hul besliste opinie te kenne te gee dat ons spreektaal die hoër status verdien nie. Nee, die onder-editeur het nog baie verder gegaan. Wel het hy nie van die inleidingskolomme mag gebruikmaak nie — dit sou eenmaal te gewaag gewees het — maar persoonlik het hy as vegter op so ernstige en vasbeslote manier opgetree soos weinig ander — en sy belangrike pos aan die *Volkstem* het aan sy houding in die saak des te meer gewig verleen.

Op mnr. Preller kom ek netnou terug.

Ek het aangetoon dat die tweede Afrikaanse taalbeweging hoofsaaklik aan joernaliste te danke was. By naam het ek net die editore van *De Middellandsche Afrikaander*, *De Vriend*, *De Afrikaner* en *De Volkstem* genoem. Persoonlik weet ek van vier ander; maar noem ek dié, mag ek aan die origes onreg doen.

#### EUGÈNE MARAIS.

Egter, die naam van die editeur van *Land en Volk* durf ek nie oorslaan nie; dit verdien spesiale melding. Mnr. Eugène Marais was nie net 'n openlike voorstander van Afrikaans nie, maar, wat veel meer beteken, destyds al auteur daarin. Sy „Winternag” (van 1904) was 'n juweeltjie wat menige oog geopen het.

„HET Z. WESTEN”, — NICO HOFMEIJR.

'n Plattelandse koerant wat my destyds enigszins teleurgestel het, was die Oudtshoornse *Zuid Westen*, 'n blad wat gereken was as die voorste onder die buitekoerante. Hierdie Bond-orgaan was in die lewe geroep gedurende die tweede helfte van 1900 — in die dae toe die volstruis die waarde van die distrik Oudtshoorn (vir belastingdoeleindes) hoër laat styg

het as dié van die hele Transvaal buitekant die municipale bakens. Mnr. Nico Hofmeijr, skrywer van „Kijkjes in de Geschiedenis” en al lank bekend as voorstander van Afrikaans, was sy hoof-editeur tot die end van Januarie 1904. Omdat hy familie van my was en ek sy buitengewone gawe as skrywer geken het, het ek meer belang in die blad gestel as anders die geval sou gewees het; en dit het my benuw of hy in die koerant sy gevoel vir die taal sou laat blyk. Maar my brawe ou neef, het ek gevind, was meer van ’n wysgeer en ’n singer as ’n stryder. Hy het met die laaste mens wil maats bly. Gedurende die amper drie-en-’n-half jaar dat hy aan *Het Zuid Westen* verbind was, het hierdie blad Afrikaans heeltemal negeer! Met al sy letterkundige aanleg en sy ervaring, skyn selfs daardie vrye dinker nie te beseef het nie dat Suid-Afrika nooit op literêre gebied groot kon word solank as die volkstaal geminag word nie. „Wij zijn met jaloerschheid vervuld,” skryf hy in 1902 in ’n hoofartikel waarin hy gewag maak van die pennevrugte van Australiërs .....„omdat wij nauwelijks van een ‚Zuid Afrikaansche nationale letterkunde’ kunnen spreken..... Wat hebben wij, inwoners van Zuid Afrika, met al de bouwstoffen voor boeken gedaan? Zeer weinig. We hebben slechts één genie voortgebracht: Olive Schreiner, en zij is reeds lang aan ’t zwijgen..... De taalkwestie en het rassegevoel hebben de productie van een nationale letterkunde voor Zuid Afrika bijzonder in den weg gestaan.” G’n woord omtrent gebruikmaak van die Afrikaner se natuurlike uitingsmiddel nie! Maar neef Nico sou miskien anders gepraat het, had hy ’n jaar langer aan die koerant gebly, toe die taalstryd ’n ernstiger vorm aangeneem het. Hy was een van diegene wat leiding en voorbeeld nodig gehad het.

Mnr. Hofmeijr het 'n belangryke pos in die Onderwysdepartement op Pretoria aanvaar en is aan *Het Zuid Western* opgevolg, vir korte tyd, deur mnr. P. W. de Villiers, 'n bekwame penman, onderwyser van beroep. Dié het in sy heel eerste hoofartikel, o.a., verklaar: „Het werk dat ik nu hier begin, is een groot, een heerlijk werk — het Afrikanerdom te helpen opbouwen.” Egter het hy maar in sy voorganger se *ultra*-versigtige voetspore gevolg wat betref sy houding teenoor Afrikaans, behalwe dat hy 'n heelparty gediggies, ook prosa-stukkies, in hierdie taal (veral uit die pen van „Achter Os,” die prolifieke skrywer in *De Transvaler*) oorgeneem het. Onderwyl mnr. Dawie du Toit so heftig die invoer van die derde taal beveg en vir Afrikaans gepleit het, skyn mnr. De Villiers nouliks te gewet het van die warme taalstryd wat daar aan die gang was! In alle geval, ewemin as sy voorganger, het hy Afrikaans teengewerk of afgeraai; en stellig sou hy nie soveel leesstof in die landstaal oorgeneem het nie as sy hart op die verkeerde plek gesit het.

#### F. S. MALAN 'N UITSONDERING.

Die een besonder treffende uitsondering onder die groot koerantskrywers, die een vooraanstaande joernalis wat geneig geskyn het om die beweging ten gunste van Afrikaans teen te werk, was F. S. Malan — „Jan Kieser”! „Wij voor ons menen,” het hy sy beskouing editoriaal uitgespreek, „dat we in Zuid Afrika, voorlopig althans, op taalgebied genoeg te doen hebben met de taalvereenvoudiging en menen dat het onwenselijk is onze krachten te verbrokkelen.” Vreemde taal uit daardie pen! Tog, laat ons dit erken, mnr. Malan se houding was te verdedig. Hy sou jou daarop kon gewys het dat hy meer konsekwent gehandel het as verskeie van sy maats. Hy

was hoofbestuurslid van die Taalbond, het in die begin teen „Vereenvoudigd Hollands” gestem (omdat hy die gewone Nederlands verkies het), het in die minderheid geval en hom moet onderwerp aan die besluit van die meerderheid; en, na hy dit eenmaal gedoen het, het hy getrou by die Taalbond wil staan, ’n liggaam waarvan *Ons Land* die hooforgaan was. Had hy, soos dr. Viljoen, Afrikaans begin veroordeel, sou hy, in my opinie, oorloper gewees het — en dat hy *dit* was, durf ek nie beweer nie. In elk geval, Afrikaans is ook aan hierdie joernalis baie dank verskuldig, naamlik vir die manier waarop hy, as „Jan Kieser,” in die donker dae van daardie taal, dit, wetens of onwetens, met die daad vereer het.

#### JOERNALISTE DIE EERSTE AUTEURS.

Nie alleen was joernaliste as klas die eerste om erkenning van die volkstaal te bepleit nie. Baie meer as dit — dit was ook hulle, byna uitsluitlik, wat die eerste letterkundige voortbrengsels daarin gelewer het. Wat egter ook g’n vreemde verskynsel was nie. Inteendeel, wat te verwag was. Skrywe het in hul kraam geval. Dit was hul liefhebbery. Dit het hulle g’n besondere inspanning gekos nie. Ook was daar g’n ekstra prikkel toe nodig nie. Die Afrikanerkoerantskrywers was byna sonder uitsondering egte patriotte, en by ’n egte patriot kom die inspirasie en die lus om vir jou volk te werk vanself. In die algemeen, dus, mag verklaar word: Afrikaans is uit chaos gehaal en aanvanklik opgebou, nie deur die taalgeleerdes van die tyd nie, nie eens met behulp van hulle nie, maar ten spyte van hulle.

Maar ek het nou alweer die geskiedenis vooruit-  
 oeloop. Laat my ’n slaggie terugkeer na Stellen-  
 bosch.